

**HANDELINGE
VAN DIE
TIENDE VERGADERING
VAN DIE
SINODE VAN DIE
NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE
KERK IN OOS-KAAPLAND**



**PORT ELIZABETH
12 – 15 NOVEMBER 2007**

INHOUDSOPGAWE

BELANGRIKE KENNISGEWING:

Bladsy 1 tot 142 van hierdie Inhoudsopgawe verwys na 'n ander boek, die Sakelys van die Tiende Vergadering van die NG Kerk in Oos-Kaapland. Hierdie boek, die *Handelinge*, begin vanaf bladsy 143

SAKELYS

VOORWOORD	1
ROETEKART	3
LYS VAN AFGEVAARDIGDES	4
A1 VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN / ORDEKOMMISSIE	10
A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE	14
Bylaag A2.1 – Verslag van die Deskundige Lid vir Finansies	36
Bylaag A2.2 – Verslag van die Onafhanklike Ouditeure	39
Bylaag A2.3 – Reglement Teologiese Studiebeurse	47
A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE	48
A4 VISIONÊRE LEIERSKAP	54
A5 BEGELEIDING	97
A6 NAVORSING	113
A7 STRATEGIESE BESTUUR	126
Bylaag A7.1 - Alternatiewe berekening van Sinodale Dankoffers.....	129
A8 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA	134
Bylaag A8.1 - Gemiddelde bydrae per lidmaat oor 4 jaar	136
A9 VERSLAG VAN DIE IN MEMORIAM KOMMISSIE	137
B BESKRYWINGSPUNTE	139
C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE	140
D BYLAES	
D1 Roepingsverklaring van die Algemene Sinode 2007.....	141
D2 Geloofsverklaring van die Sinode van Oos-Kaapland 2002.....	141
D3 Sinodelied Oos-Kaapland.....	142

HANDELINGE

	VOORWOORD	143
E	LAAT STUKKE	
	E1 Verslag van ABID	144
	E2 Rimpels: ADGO Program van Lidmaatbemaagtiging	150
	E3 Kerkspieël 2006 - Verslag vir die NG Kerk in Oos-Kaapland	151
	E4 Voorlopige Opsomming van Terugvoer : Kerkhereniging Konsultasie 2007	157
	E5 Werkskema: Tiende Sinodale Vergadering 12-15 November 2007	161
F	VERSLAE VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIES	
	F1 Eerste Verslag Tydelike Fondsekommissie	163
	F2 Eerste Verslag Tydelike Regskommissie.....	164
	F3 Eerste Verslag Tydelike Kommissie vir Algemene Sake	165
	F4 Verslag Ad Hoc Kommissie re Achterbergh II Kerkherenigingsvoorstelle	166
	F5 Verslag van die Luisterspan.....	168
	F6 Verslag Kommissie vir Kommissies	169
G	HANDELINGE VAN DIE SINODE.....	174
H	BYLAAG: HEILIGE VERHALE.....	197
I	VERKORTE BESLUITEREGISTER.....	200

VOORWOORD TOT DIE HANDELINGE VAN SINODE 2007

1. Verloop van die vergadering

Die wyse waarop sinodale vergaderings in Oos-Kaapland plaasvind, het dramaties verander oor die laaste dekade.

Waar sinodes vroeër kontrolerende vergaderings was wat verslag oor werksaamhede ontvang het (en dus in die verlede geïnteresseerd was), het vergaderings nou toekomsgerig geword. Waar die bedoeling was om toe te sien dat foute nie gemaak word nie, en regulerende besluite geneem is wat vir almal gegeld het, en die gemeentelike lewe só beheer het, skuif die aandag nou na die diepste identiteit van die kerk (in die drie-enige God) en die uitlewing van haar roeping.

Geloofsonderskeiding was vir Sinode 2007 in die sentrum. Daar is voortdurend gevra wat God besig is om in ons konteks te doen. Waar gemeentelike kontekste radikaal van mekaar verskil, is die bedoeling nie langer gemeentelike eenvormigheid nie, maar die bemagtiging van ringe en gemeentes om die Here in hul situasie na te volg.

Uit die kerkhereniging-terugvoer wat die sinode ontvang het, blyk hoe 'n krisis die vind van ons Christelike identiteit in die werke van die drie-enige God steeds is. Dit blyk dat nie Christelike identiteit nie, maar volksnasionisme steeds 'n beduidende invloed uitoefen.

Nietemin is een van die merkwaardigste ontwikkelinge steeds die wyse waarop ringe toenemend verantwoordelikheid vir die bediening neem. Teen die voorspellings van baie doemprefete in, het ringe inderdaad hul verantwoordelikheid vir geloofsonderskeidende ringsprojekte opgeneem. Oos-Kaapland verteenwoordig ongetwyfeld die sinode in die land waar ringe maksimaal funksioneer. Dit is die gevolg van die institusioneeliserings van betekenisvolle verantwoordelikheid vir ringe.

Vanuit verskeie oorde hoor ons die getuienis van gemeentes dat ringsprojekte hul verander. Geen mens kon nog sy/haar naaste in nood in die oë kyk, soos met baie ringsprojekte gebeur, en onveranderd gelaat word nie. Lidmate herken die liefde, genade en geregtigheid van Christus in die hoopgewende projekte wat in baie ringe aangepak word. Dit veranker hulle opnuut weer in hul Christelike identiteit.

2. Hierdie dokument

In hierdie *Handelinge*, wat saam met die Sakelys ('n afsonderlike dokument) gelees moet word, vind u alle stukke wat voor die tiende gewone

vergadering van die Sinode van Oos-Kaapland tydens haar sitting van 12-15 November 2007 in Port Elizabeth gedien het en wat nie opgeneem is in die Sakelys van die vergadering nie.

Die *Inhoudsopgawe* van hierdie dokument maak van die Sakelys (p 1 - 142) en die *Handelinge* (p 143 en verder) een dokument, en die twee dokumente behoort saam gelees te word.

Die *Besluiteregister vir die aandag van Kerkrade* is op ons sinode se webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/sinode2007. U word vriendelike versoek om die dokument hier af te laai en as kerkrade te bestudeer. Veel van die sukses van die sinode hang van hierdie proses af.

'n Ander lesenswaardige dokument is die *Besluiteregister* wat ook op die webblad van die sinode (bogenoemde adres) beskikbaar is. Dit gee 'n beknopte sleutel tot elke enkele besluit wat die sinode geneem het. 'n Verkorte besluiteregister is in hierdie dokument, die *Handelinge*, as Deel I ingebind.

Die Notule van die vergadering vind u by *Deel G Handelinge van die Sinode*.

Geen *Sakeregister* kan ooit volledig wees nie, maar wil dit vir die leser makliker maak om die dokument te ontsluit.

3. Bedankings

Die verskillende tydelike kommissies het 'n groot aandeel gehad aan die skryf van hierdie dokument. Aan almal wat meegewerk het: baie dankie.

Die lede van die Tydelike kommissie vir die Notule, Besluite aan Kerkrade en die Sakeregister het vir 'n leeu-aandeel gesorg. Ook die tiksters het hul taak met groot toewyding verrig. Dit is wonderlik om deel van so 'n span te wees.

In besonder wil ek vir Paul Odendaal en Wiekie van Straaten (hulpskribas) en Nellie Westraadt (tikwerk en logistieke koördinerings van die administratiewe proses tydens die sinode) bedank vir hul doelgerigte werk en insette. Julle het die lewe vir my maklik gemaak.

Baie dankie aan die personeel van die sinodale Kantoor wat vir die verpak en versending van die Sakelys en *Handelinge* verantwoordelik was.

Aan die Here die eer.

Danie Mouton : VDM
Skriba

E1: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR ARGIEF EN BESTUURS- INLIGTINGSDIENSTE AAN DIE SINODE VAN OOS-KAAPLAND (VERKORT)

1. BESLUIE VAN SINODE - 2003

1.1 Eenwording van die Kerkargiewe van Kaapland en Transvaal en Oordrag van die Argief- en Bestuursinligtingdienste (ABID) aan die Algemene Sinode

1.1.1 Besluit:- Die sinode het in 2003 onder andere soos volg besluit oor die verskuiwing van die Kerkargief na Stellenbosch: *“Die sinode 8.1.1 kondoneer die besluit van die SKA en die Moderatuur om die argiewe van die Sinodes van Transvaal te ontvang in die te geboude argief op Stellenbosch; 8.1.2 spreek waardering uit teenoor die Sinodes van Transvaal vir die groothartige stap om te werk in die rigting van ‘n gesentraliseerde argiefdiens vir die kerk; 8.1.3 ondersteun die ideaal van een argief vir die NGK-familie en 8.1.4 Ondersteun die ideaal dat die argief nader beweeg na die opleiding van leraars.*

1.1.2 Uitvoering:- Die Vier Moderature van die NG Kerk van Transvaal het in April 2003 besluit om ABID na Stellenbosch verskuif en om te onderhandel oor die moontlike eenwording met die Kaapse Kerkargief én uiteindelik een Argief vir die NG Kerk met die Algemene Sinode as die regs persoon.

1.1.4 Stand van sake:- Sedert 01.06.2006 funksioneer ABID as ‘n werksaamheid van die Algemene Sinode onder direkte toesig van ATABID waarin die NG Kerk in SA en die NG Kerk van Transvaal gelyke verteenwoordiging het. Die direkteur van ABID is dr Johan Froneman.

1.1.5 VIR KENNISNAME

1.2 Uitvoering van ABID se opdrag vanuit Stellenbosch

1.2.2.4 Jaarlikse registerafskrifte en ringstukke: Met in agneming van die problematiek hieraan verbonde - met dikwels jare se uitstaande stukke - is die volgende ooreengekom:

* Gemeentes se registerafskrifte (AS 2004) word voortaan direk aan ABID versend nadat dit deur die kerkraad goedgekeur is. Waar foute voorkom word dit direk aan gemeentes teruggestuur.

* Waar nie van elektroniese versending gebruik gemaak word nie, word stukke direk aan ABID gepos met onder andere “oornagpos” vir sekuriteit.

* Ringskribas stuur binne die voorgeskrewe tyd die jaarlikse ringstukke aan ABID.

* Die probleem wat saakgelastigdes met hulle werk ervaar - as gevolg van onkunde en die groot omset van personeel - word ondervang (bestaande besluite van sinodes) met gereelde opleiding, groepsessies en besoeke aan gemeentes deur ABID-personeel].

* Die webtuiste word ook hiervoor aangewend.

1.2.2.5 Gereelde opleiding van gemeentelike kerkkantoorpersoneel: Dagkursusse, groepsessies en besoeke aan gemeentes deur ABID-personeel word soos volg gereël:

* Die hoofdoel van hierdie kursusse is om kerkkantoorpersoneel op te lei om die gemeente-argivalia volgens voorskrifte [Inligtingwet van 2000, Erfeniswet van 1999 en Ouditwetgewing] plaaslik te bestuur, sodat ABID nie met onnodige argivalia oorstroom word en gemeentes nie wette oortree deur dokumente wat ‘n wetlik voorgeskrewe leeftyd het, vernietig nie.

1.2.3 AANBEVELING

1.2.3.1 Die werkswyse onder 1.2.2 word deurgegee na elkeen van die gemeentes, ringe en kommissies/bedieninge/diensgroepe.

1.2.3.2 Alle ander versoeke om hulp uit die argiefversamelings waarna nie in die verslag verwys word nie, word met die Direkteur-Argivaris opgeneem.

2. WERKSAAMHEDE VAN DIE ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

2.1 Besoeke/hulp aan gemeentes

2.1.1 Opdrag:- Tydens die onderhandelingsgesprekke oor die eenwording van die

Kerkargiewe en daarna, is besluit dat die direkteur dr CJJ Froneman voortgaan met besoeke/hulp aan gemeentes en dat dit in oorleg met die voorsitters van SKA en GKABID beplan word.

2.1.2 Uitvoering:- Sedert 2000 is besoeke/hulp aan 'n aantal gemeentes, ringe en kommissies van die Sinodes verleen, terwyl

2.1.3 Bevinding:- Veral die Wet op Toegang tot Inligting [2 van 2000]; die Erfeniswet [25 van 1999]; ouditwetgewing wat bewaring en vernietiging van dokumente reël; en die moontlike sentralisering van kerklike registers, veroorsaak dat die aanvraag is vir dié kursusse groot is.

2.1.4 AANBEVELING

2.1.4.1 Gemeentes maak gebruik van die dienste van die Argivaris om die kursus vir kerkkantoorpersoneel aan te bied, kerkkantore te besoek en hulle behulpsaam te wees met die selekteer van vernietigbare stukke; dít wat bewaar moet word; en die opstel van die inventaris om uitvoering te gee aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

INLIGTINGONTSLUITING

2.2.4 Uitvoering en nuwe verwickelinge:- In hierdie “elektroniese eeu” is die meerderheid van die dokumente in die versamelings hoofsaaklik as hardekopieë beskikbaar omdat die digiteringproses te duur is vir die kerk.

2.3 Ooreenkoms met GISA

2.3.1 Situasië:- In Maart en Augustus 1999 het eers die NG Kerk van Transvaal en toe die NG Kerk in Suid-Afrika ooreenkomste met die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA) - indirek met die Mormoonse kerk (Genealogical Society of Utha, Salt Lake City - hierna GSU) aangegaan vir die mikro-verfilming van al die kerklike registers onder beheer van die NG Kerk van Transvaal en die NG Kerk in Suid-Afrika. Die verfilming is kort daarna begin en binne 'n jaar afgehandel. Dieselfde proses sou in die Kerkargiewe van Natal en OVS volg, maar is nie afgehandel nie.

2.3.2 Hersiening van die ooreenkoms:- GISA het namens die NG Kerk begin om met GSU (Salt Lake City) te onderhandel oor die gratis verwerking van die bestaande films tot digitale beelde wat per soekfunksie op 'n rekenaar gesoek en hanteer kan word, sowel as die digitale verfilming van alle kerklike registers onder beheer van die NG Kerk wat nog nie verfilm is nie.

2.3.4 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

2.3.4.1 Die optrede van Taakspan-ABID en die Algemene Sekretaris om die ooreenkoms soos deur die GSU (Mormone) voorberei en voorgelê - soortgelyk aan die oorspronklike ooreenkoms wat in 1999 deur die NG Kerk in SA en die NG Kerk van Transvaal onderteken is en wat voorsiening maak vir die beskerming van die NG Kerk se Intellektuele Eiendomsreg - te onderteken, word goedgekeur.

2.3.4.2 Die moontlike, gratis digitering van alle gemeentenotules - veral handgeskrewe - wat ABID sou wou digiteer, word na die Taakspan-ABID verwys.

2.3.4.3 Taakspan-ABID gaan voort met 'n ondersoek na die moontlike digitering van alle kerklike dokumente/acta van die NG Kerk om dit vir navorsingsdoeleindes toeganklik te maak.

2.3.4.4 Taakspan-ABID onderhandel met die GSU en die Disa-projek in Durban vir die gratis digitering van kerklike dokumente en waar nodig word projekte met sensitiewe inhoud vir finale goedkeuring aan die ASM voorgelê.

2.4 Briewe van toestemming vir toegang tot argivalia: Kaapse gemeentes

2.4.1 Probleemstelling:- Die Kaapse Kerkargief het as beleid gehad dat navorsers eers briewe van toestemming vanaf die betrokke gemeente moet verkry alvorens toegang tot argivalia van die gemeente verleen kan word. Die Transvaalse gemeentes het dit aan die

diskresie van die direkteur oorgelaat.

2.4.2 Voorgestelde werkswyse:- Taakspan ABID het daarvoor besin of dié reëling van die verlede as 'n algemene reël nie behoort te verval nie, omdat die beleid ten opsigte van genealogiese navorsing en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [2 van 2000] genoegsame beskerming van toegang tot argivalia bied. Daar is egter besluit om 'n duidelike beleidsbesluit te formuleer.

2.4.3 Beleid - Vir Goedkeuring

2.4.3.1 Alle navorsers wat vir navorsingsdoeleindes toegang tot die argivalia van gemeentes wil verkry, moet vooraf self, met 'n duidelik gemotiveerde aansoek [doel en onderwerp] by die gemeente aansoek doen om toegang tot die argivalia.

2.4.3.2 Alle navorsers wat vir navorsingsdoeleindes toegang tot die argivalia van gemeentes wil verkry, moet 'n afskrif van die aansoek saam met die gemeente se toestemming by ABID ingedien alvorens toegang tot die argivalia verleen sal word.

2.4.3.3 Alle navorsers wat 'n Wet 2 van 2000 aansoek [Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting] wil verkry, volg die voorgeskrewe prosedure.

3. BESLUIE VAN ALGEMENE SINODE - 2004

3.2 Prosedures met Registerafskrifte

3.2.1 Probleemstelling - In die ondersoek na die elektroniese indiening van registerafskrifte het die kommissie besef dat al die Kerkargiewe oor baie jare reeds ernstige probleme ondervind met die indiening van die jaarlikse registerafskrifte van gemeentes.

3.2.2 Onderzoek - Die saak is reeds in 2003 aan die Algemene Kommissie vir Argief en Inligting voorgelê. Navorsing het getoon dat baie gemeentes se registerafskrifte uitstaande. Ringe [en die Kerkargiewe] verwys dit wel soms terug omdat daar opvallende gebreke is. Maar die hoofrede waarom daar so baie uitstaande is en dit so lank neem om dit te kry - soms vir baie jare - lê by die proses om die afskrifte vanaf die gemeente tot by die Kerkargief te kry.

3.2.4 AANBEVELING

3.2.4.1 Die Gemeentes se Kerkraadsargiefkommissie

3.2.4.1.1 Kontroleer die jaarlikse registerafskrifte - soos voorberei deur die kerkkantoorpersoneel - aan die hand van die voorskrifte, keur dit goed en stuur direk aan die Argief en Bestuursinligtingsdienste [ABID] in Stellenbosch.

3.2.4.1.2 Werk met ABID saam waar verbeterings aan foutiewe registerafskrifte aangebring moet word of waar uitstaande registerafskrifte ingestuur moet word.

3.2.4.2 Argief en Bestuursinligtingsdienste [ABID]

3.2.4.2.1 Vra verbeterings aan registerafskrifte, of die uitstaande registerafskrifte, direk by gemeentes aan.

3.2.4.2.2 Nader die Ringsargiefkommissie om hulp te verleen waar gemeentes nie reageer op versoeke om verbeterings aan/uitstaande registerafskrifte nie.

3.2.4.3 Die Ringsargiefkommissie

3.2.4.3.1 Ontvang nie meer die jaarlikse registerafskrifte van gemeentes met verslag aan die Ring nie, maar verleen hulp waar nodig aan gemeentes ten opsigte van registerhouding, en aan ABID om verbeterings aan/uitstaande registerafskrifte vanaf gemeentes te verkry waar samewerking nie verkry word nie.

3.2.4.3.2 Vra die betrokke Kerkargief om hulp met opleiding waar dit blyk dat ringsgemeentes probleme met hulle registerhouding ervaar.

3.2.4.3.3 Gaan wel die registerhouding van die gasheergemeente tydens die jaarlikse ringsitting na met verslag aan die Ring.

3.2.4.3.4 Versorg die ringsargief volgens die voorskrifte in die Argief en Museum-reglement.

3.2.4.4 Die Ringskriba stuur nie meer die jaarlikse registerafskrifte van die ringsgemeentes, saam met die ringstukke, na die Kerkargief nie.

3.2.4.5 Indien die “Sentralisering van Registers” in 2008/9 ingestel word, sal die indiening van Registerafskrifte soos dit vandag bestaan, in geheel verval en sal die Reglement sodanig aangepas moet word.

4. BESLUIE VAN ALGEMENE SINODE - 2007

4. Sentralisering van Gemeentelike Registers

4.1.1 Opdrag:- In 2002 het die Algemene Sinode besluit dat die AKAI moet voortgaan met sy ondersoek ten opsigte van die sentralisering van kerklike registers en dat aan die ASK oor die alternatiewe (indirekte of direkte sentralisering) verslag gedoen moet word en dat die ASK die saak moet afhandel.

4.1.2.1 Voordele van ‘n gesentraliseerde stelsel vir gemeentelike registers:

- * Alle soektogte vind op net een punt plaas wat tyd, koste en frustrasie beperk.
- * Verhoogde effektiwiteit en produktiwiteit van kerkkantoorpersoneel wat nie meer tyd verspeel met week-/maandelange soektogte na lidmaatbesonderhede, terwyl daar toegang is tot statistiek wat vroeër nie beskikbaar was nie.
- * Géén jaarlikse registerafskrifte word meer ingedien nie.
- * Duisende lidmate-sonder-adresse word gevind en verwyder van gemeente se bedryfstelsels.

4.1.2.2 Voordele van ‘n gesentraliseerde stelsel vir die NG Kerk

- * Die stelsel werk met ‘n dag-tot-dag opgedateerde kontakadres vir elke gemeente wat deur die Jaarboek gebruik kan word.
- * Deur sinodes gebruik kan word om binne minute ‘n groot gedeelte van die NG Kerk met inligting te bereik.
- * Data-analise moontlikhede van dag-tot-dag opgedateerde besonderhede oor getalle/ouderdomme/groepe vir Kerkspieël, die Jaarboek, eie bedieninge.
- * Algemene Sinode se kommunikasiestelsel

Taakspan se aanbevelings is op 15.03.2007 aan die ASM voorgelê, wat besluit het dat Taakspan-ABID dit aan die Algemene Sinode van Junie 2007 voorlê. Die Algemene Sinode het die verslag in sy geheel goedgekeur en na die onderskeie streeksinodes aanbeveel. Indien ‘n sinode of ‘n gemeente besluit om nie deel te neem nie, staak die proses ten opsigte van die sentralisering van gemeentelike registers onmiddellik.

4.1.3 Vertrekpunt vir die sentralisering van die gemeentelike registers van die NG Kerk:

4.1.3.1 Streeksinodes:

4.1.3.1.1 Die onderskeie streeksinodes lê die saak aan hulle gemeentes voor, verduidelik die doel/voordele en verkry die gemeentes se samewerking vóór 30.06.2008 en doen daarvoor aan die ASM verslag (voor 01.07.2008).

4.1.3.1.2 Die ASM gee voor die doeldatum vir die begin van die proses nl 01.07.2008 aan ABID opdrag al dan nie om met die projek te begin met die oog op die voltooiing van die proses - inwerkingstelling van die gesentraliseerde databasis en soekenjin - op 01.01.2009.

4.1.3.1.3 Elke streeksinode bepaal self hoe die (VOLGENDE) jaarlikse tarief vanaf die gemeentes ingevorder sal word, wat aan die Algemene Sinode oorbetal word vir die diens wat deur die Argief en Bestuursinligtingsdiens van die NG Kerk [ABID] gelewer sal word.

4.1.3.1.4 Die kostes verbonde aan die sentrale diens word soos volg gestruktureer:

4.1.3.1.4.1 Aanvanklike Koste - Elke gemeente betaal vir die aanvanklike invoer/opneem van data na gelang van die huidige status van hul register-data (op Infokerk; in ander programme; slegs handregisters)

4.1.3.1.4.2 Maandelikse koste nadat data op/in stelsel opgeneem is na gelang van grootte van die gemeente:

- * Kleiner gemeentes: 1-750 siele R500.00 per jaar;
- * Middel grootte gemeentes: 751-2999 siele R1,000.00 per jaar
- * Groot gemeentes: 3,000-5,000 siele R1,400.00 per jaar
- * Makro-gemeentes: 5,000+ siele R1,600.00 per jaar

4.1.3.1.4.3 Verhoging van koste word volgens die inflasiekoers bestuur.

4.1.3.1.4.4 Vordering van bedrae:- Bedrae word as 'n gedeelte van 'n sinodale aanslag deur die streeksinodes gevorder en aan ABID via die Algemene Sinode oorbetaal.

4.1.3.2 ABID

4.1.3.2.1 ABID gaan nou reeds voort om:

4.1.3.2.1.1 met die diensverskaffer Infokerk te onderhandel,

4.1.3.2.1.2 geen finale ooreenkoms word aangegaan of aankope van rekenaartegnologie gedoen voordat die ASM nie aan ABID die opdrag gee - sien 4.3.1.1.3 hierbo - nie.

4.1.3.2.1.3 gemeentes aan te moedig om die ID-nommers van hulle lidmate-met-adresse te bekom en om lidmate wat nog nie in hulle databasisse ingesleutel is nie, terugwerkend in te sleutel.

4.1.3.2.2 Voortgaande ondersoek:

4.1.3.6.1 Ander "hosting"-moontlikhede word nog ondersoek wat kostebesparings kan bring

4.1.3.6.2 Veranderde tegnologie - 15 maande is 'n "leeftyd" en kan verbeterde voordele bring.

4.1.3.3 Werking van die stelsel:

4.1.3.3.1 ABID maak gebruik van 'n diensverskaffer (tans Infokerk) wat die "platform" skep vir die:

4.1.3.3.2 Opneem van data/lidmate in die stelsel

4.1.3.2.2.1 Implementering van 'n "elektroniese soek-enjin" by ABID waar gemeentes wat oor die tegnologie beskik, self die aanvrae/oorplasinge doen. Gemeentes wat nie daarvoor beskik nie, doen alle aanvrae/oorplasinge by/dmv ABID

4.1.3.2.2.2 Alle gemeentes van die NG Kerk se lidmaatbesonderhede/data van Doop- en Belydende Lidmate uit die bestaande registers+ ID Nommer word elektronies opgeneem in 'n sentrale databasis wat deur ABID bestuur (ontwikkel en instandgehou) word.

4.1.3.2.2.3 Lidmate/lidmaatbesonderhede word vir hierdie doel verdeel in:

4.1.3.2.2.3.1 Lidmate-met-adresse = dws lidmate tans in die gemeente en bekend. Word almal ingevoer/opgeneem in sentrale databasis

4.1.3.2.2.3.2 Lidmate-sonder-adresse = dws lidmate wat tans nie meer in die gemeente is nie (sterftes, vertrek, kerk-/land verlaat), sonder dat lidmaatskap amptelik oorgeplaas is. Slegs lidmate (sonder adresse) wat ná 1920/80 in die gemeente opgeneem is, word in die sentrale databasis ingevoer/opgeneem. Die res word in die geskrewe registers behou en uitgeskryf soos inligting met tyd beskikbaar word.

4.1.3.2.2.4 Elektroniese soektogte en -oorplasinge:

4.1.3.2.2.4.1 ID-nommers en gekodeerde e-posboodskappe word gebruik wat onmiddellik deur die databasis/soekenjin verwek word. (Gemeente A → ABID-soekenjin → Gemeente B wat "klik" op ja/nee/houoor → na ABID-soekenjin → Gemeente A)

4.1.3.2.2.4.2 ABID bestuur alle "uitsonderings", nl lidmate-sonder-adresse; gemeentes sonder nodige tegnologie; en gemeentes met eie/unieke lidmaatdatabasisse.

4.1.3.2.2.5 Deurlopende opdatering van data:- Alle opdaterings (dope; belydenisaflegging; sterftes; bedankings; rektifikasies) word soos volg hanteer:

4.1.3.2.2.5.1 Gemeentes met tegnologie: Maandeliks self afgesluit soos finansiële boeke en jaarliks gekontroleer met sertifisering deur kerkraadsargiefkommissie wat aan Ringsargiefkommissie sertifiseer dat alle opdaterings elektronies by die ABID-Soekenjin op datum is.

4.1.3.2.2.5.2 Gemeentes sonder elektroniese fasiliteite: Dieselfde as bó, met dié verskil dat die Kerkraadsargiefkommissie die sertifisering doen uit die korrespondensie tussen die gemeente en ABID.

4.1.4 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

4.1.4.1 Die verslag word in sy geheel goedgekeur en na gemeentes aanbeveel vir inskakeling vóór 30.06.2008 met oog op in werkingstelling op 01.01.2009.

4.1.4.2 Die SKF bepaal hoe die jaarlikse tarief vanaf die gemeentes ingevorder sal word ten einde dit maandeliks aan die Algemene Sinode oor te betaal vir die diens wat deur die Argief en Bestuursinligtingsdiens van die NG Kerk [ABID] gelewer sal word.

4.1.4.3 Taakspan-ABID word versoek om die nodige inligting aan SKF te verskaf tov die gemeentes met hulle tarief-kategorieë.

5. REGLEMENTSWYSIGING

5. Hersiene Argief- en Museumbeleid

5.1 Besluit van die Algemene Sinode van 2004:- [Besluiteregister F.2.4.3 Argief en Inligtingsdienste] "*2.1 Die Taakspan Argief lê hersiene "Riglyne: Argief- en Museumbeleid" aan die Taakspan Regte voor, waarna dit na die Algemene Diensgroep Leiers verwys word vir afhandeling.*"

5.2 Uitvoering:- Taakspan-ABID op 17.11.2005 'n taakgroep aangewys om die saak in samewerking met die ATR af te handel, met verslag aan die Dagbestuur. Die hersiene Reglement - bestaande uit 4 afdelings - is op 27.02.2006 gefinaliseer. Die Algemene Taakspan Regte het vir dr Hannes Theron aangewys om saam met Taakspan-ABID die Reglement te hersien en die hersiene Reglement is op 02.03.2006 saam met dr Hannes Theron deurgewerk en aan hom oorhandig om aan die ATR voor te lê vir afhandeling. By 'n later geleentheid is 'n enkele paragraaf bygevoeg en 'n wysiging aangebring oor die samestelling van Taakspan-ABID en wyse van vergader. Hierdie Reglemente [Bylaag 1] is deur die Algemene Sinode op 08.06.2007 goedgekeur.

5.3 AANBEVELING - Vir Goedkeuring

E2: RIMPELS - ADGO LIDMAATBEMAGTIGINGSPROGRAM

1. ADGO Lidmaatbemagtigingsprogram

2. 'n Boksie (slegs) vir die dominee

- 2.1 Ds, jy is NB
- 2.2 Ds as leier
- 2.3 Kyk nuut na lidmate

3. Die droomkas

- 3.1 Hoe lyk 'n droomgemeente?

4. Die oudit-aktetas

- 4.1 Ontdek jou gawes - kliek hier
- 4.2 Kundigheid - kliek hier
- 4.3 Gewilligheid - kliek hier
- 4.4 Elke lid het 'n funksie - kliek
- 4.5 Variasie-kliek
- 4.6 Persoonlikhede • kliek hier
- 4.7 Uniek by ons - kliek hier
- 4.8 Bronne - kliek haar

5. Die aksie-reistas

- 5.1 Behoefte-analise van lidmate - kliek hier
- 5.2 Gemeenskapsanalise • kliek hier
- 5.3 Stel duidelike haalbare doelwitte - kliek hier
- 5.4 Kommunikeer unieke aksieplanne met gemeente - kliek hier
- 5.5 Implementeer prosesbenadering - kliek hier

6. Die gereedskapkas

6.1 DVD Gereedskap vir Geestelike Lelerskap - Braam Hanekom

6.2 Boeke-rimpels

6.3 DVD-Rimpels

- 6.3.1 Plastiek
- 6.3.2 Subtopic
- 6.3.3 Stiebeuel
- 6.3.4 Ink
- 6.3.5 Suurstof
- 6.3.6 Fotostaat
- 6.3.7 Gras
- 6.3.8 Koffie
- 6.3.9 Skerwe
- 6.3.10 Sweis
- 6.3.11 Kabels

6.4 Preek-Rimpels

- 6.4.1 Liggaamsmodel
- 6.4.2 Heilige Gees motivering en bemagtiging (3 preke)
- 6.4.3 Roeping
- 6.4.4 Coram Deo
- 6.4.5 Gawes
- 6.4.6 Geestelike Groei
- 6.4.7 1ste Gemeente
- 6.4.8 Eros rimpelpreek

6.4.9 Rimpel-Power Points

6.5 Woord-Rimpels (Bybelstudies)

- 6.5.1 Julle sal krag ontvang
- 6.5.2 Instrument wat rimpels maak
- 6.5.3 Toerusters, vertolkers en begeleiers
- 6.5.4 Diensrimpeling
- 6.5.5 'n Span veroorsaak rimpeling
- 6.5.6 Unieke rimpeling
- 6.5.7 Vrugte van die Gees
- 6.5.8 Rimplemakers kry krag van iewers
- 6.5.9 Eenheid en samehorigheid
- 6.5.10 Versorging en beskerming

6.6 Gespreks-Rimpels

- 6.6.1 Gesprekstimuleerders wat aansluit by preke, Bybelstudies ens.

6.7 Rimpelgetuïenisse

- 6.7.1 Mense word genooi om rimpelingverhale met ander te deel

6.8 Webtuistes

6.9 Bybel-Media

6.10 Unieke webblad vir Rimpel

6.11 Aksieplanproses

6.12 Rimpelbondgenote

- 6.12.1 AS vennootskap vir gestuurde gemeentes
- 6.12.2 Netwerk
- 6.12.3 Kingfisher
- 6.12.4 HBI
- 6.12.5 Natural Church development
- 6.12.6 LVBM
- 6.12.7 NBI
- 6.12.8 GNM
- 6.12.9 Mema-Media
- 6.12.10 Bybelkor
- 6.12.11 Gevangenebediening
- 6.12.12 CAD
- 6.12.13 Pastorrals dienste

6.13 Witrivier opvolgreks

7. Die Evaluasie-trommel

- 7.1 Meet om te weet
- 7.2 Back to the basics
- 7.3 Gooi weer die speelklippie in

Kerkspieël 2006 - NG Kerk in Oos-Kaapland

Kerk- en gemeente-wees in die Oos-Kaap

1. 'n Demografiese blik

- Waar is die lidmate?

Raming van lidmaatgetalle								
	Bely	Doop	Ondoop	2006	2004	2000	1996	1993
Oos-Kaap	67672	16905	386	84963	80060	89075	93773	98002
NG Kerk	904374	259769	14693	1178837	1185675	1269874	1316864	1300416

Verspreiding van lidmate in streke							
		Klein Platteland	Platteland	Grootdorp	Buiten	Voorstad	Totaal
Oos-Kaap	2000	21	25	20	1	33	100
	2004	18	18	24	1	39	100
	2006	17	22	21		40	100
NG Kerk	2000	12	16	16	9	47	100
	2004	11	15	18	3	52	100
	2006	12	15	18		55	100

Raming ouerlidmate			
	60-80	80+	Totaal
Oos-Kaap	18592	2717	21309
%			
Oos-Kaap	21.9	3.2	25.1
NG Kerk	18.2	3.3	21.5

Ingeskrewe lidmate buite gemeente grense					
	Bely	Doop	Ongedoop	Totaal	% van Totaal
Oos-Kaap	3834	1058	26	4919	6
NG Kerk	116523	41472	2167	160162	14

Hoe lyk die kerkrade?

Beraamde getal "Ouderlingposte"					
2006			2004		
Gevul	Vakant	Dames	Gevul	Vakant	Dames
1467	345	337	1808	441	385

Beraamde getal "Diakenposte"					
Gevul	Vakant	Dames	Gevul	Vakant	Dames
1267	418	562	1370	446	598

Daar is na raming ongeveer 3270 kerkradslede en 1650 hulpwerkers in die Oos-Kaap.

Kerkradvakatures in die NG Kerk (uitgedruk in persentasies)				
	2004		2006	
Sinode	Ouderlinge	Diakens	Ouderlinge	Diakens
Oos-Kaap	24	33	19	25
NG Kerk	34	36	28	32

Vroulike diakens en ouderlinge (uitgedruk as % van alle diakens/ ouderlinge)								
Sinode		2006	2004	2000	1996	1993	1989	1985
Oos-Kaap	Oudl	23	21	23	13	6		
	Diak	44	44	43	29	23	19	7
NG Kerk	Oudl	20	17	18	7	5		
	Diak	40	38	38	26	23	22	9

- Erediensbywoning

Oggendiensbywoning (uitgedruk as % van totale lidmate per gemeente)							
	1985	1989	1993	1996	2000	2004	2006
Oos-Kaap	38	35	36	36	33	32	35
NG Kerk	36	36	36	35	37	34	33

Aanddiensbywoning (uitgedruk as % van totale lidmate per gemeente)							
	1985	1989	1993	1996	2000	2004	2006
Oos-Kaap	9	10	9	12	10	3	7
NG Kerk	9	10	10	10	9	4	6

2. Die verbintenis aan die gemeente en gemeenskap

- Verbindings na binne

	Participating in the Congregation Questions: Percentage of Worshippers Who ...	Average DRC	Average PC (USA)
A	attend worship services usually every week or more than once a week	69	78
B	are involved in one or more small groups (e.g., Sunday school, prayer or Bible study, discussion groups, fellowships)	53	62
C	have one or more leadership roles in the congregation (e.g., board member, teacher, leading worship)	42	57
D	often participate in important decision-making in the congregation	18	31
E	give 5% or more of their net income regularly to the congregation	47	56
	Overall Participating in the Congregation Scores	45	57

- Verbindings na buite

	Focusing on the Community Questions: Percentage of Worshippers Who ...	Average DRC	Average PC (USA)
A	are involved in social service or advocacy groups through their congregation	22	29
B	are involved in social service or advocacy groups in their community	29	38
C	contribute to charitable community organizations	50	77
D	report wider community care or social justice emphasis as one of the three most valued aspects of their congregation	27	13
E	report openness to social diversity as one of three most valued aspects of their congregation	3	8
F	Worked with others to try to solve a community problem	16	26
G	voted in the last (presidential) election	60	81
	Overall Focusing on the Community Scores	30	39

7 Reuse: Gemeentes wat aangedui het dat hulle iets spesifiek doen i.v.m. die reuse (%)	Ooskaap	NGK
Vigs	31	35
Geweld	32	38
Rassisme	34	33
Armoede & Werkloosheid	74	80
Seksisme	8	14
Gesinskrisse	70	71
Misdaad & Korrupsie	37	42

3. Kerkhereniging?

- Sigbare eenheid en Belhar

Predikante: Oor die NG Kerk familie en kerkhereniging		Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem tot 'n mate saam	Stem beslis nie saam nie
Daar moet groter sigbare eenheid binne die NGK-familie kom. (V220)	NGK	35	33	11	14	7
	OKaap	40	37	10	4	10
Ek is bereid om die Belhar-belydeniskrif te aanvaar ter wille van kerkeenheid (V221)	NGK	32	16	9	7	36
	OKaap	29	12	14	12	33
Ek sal self die Belydenis van Belhar onderskryf (V222)	NGK	33	15	10	8	34
	OKaap	35	10	8	18	29
Elke kerkraad behoort die reg te hê om selfstandig oor die inrigting van hulle eie werksaamhede te besluit. (V223)	NGK	50	34	8	6	2
	OKaap	51	35	4	8	2

Leierskap: Oor die NG Kerk familie en kerkhereniging		Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem tot 'n mate saam	Stem beslis nie saam nie
Daar moet groter sigbare eenheid binne die NGK-familie kom. (V73)	NGK	38	32	11	11	8
	OKaap	34	21	17	20	9
Ek is bereid om die Belhar-belydeniskrif te aanvaar ter wille van kerkeenheid (V74)	NGK	10	15	21	8	46
	OKaap	9	14	20	7	49
Ek sal self die Belydenis van Belhar onderskryf (V75)	NGK	8	10	26	8	48
	OKaap	5	11	28	7	49
Elke kerkraad behoort die reg te hê om selfstandig oor die inrigting van hulle eie werksaamhede te besluit. (V76)	NGK	45	35	7	9	4
	OKaap	58	38	2	2	0

- Verbintenis tot die proses

Predikante: Watter een van die volgende beskryf u houding oor kerkhereniging die beste?	NGK	OKaap
Ek ondersteun die pogings tot kerkhereniging en werk aktief mee	34	45
Ek is positief teenoor die pogings tot kerkhereniging maar neem nie aktief deel aan aksies in hierdie verband nie	40	36
Ek staan apaties teenoor die pogings tot kerkhereniging	15	8
Ek is teen pogings tot kerkhereniging maar neem nie deel aan aksies teen kerkhereniging nie	10	9
Ek is teen pogings tot kerkhereniging en neem deel aan aktiwiteite om dit te verhoed.	1	2

Leierskap: Watter een van die volgende beskryf u houding oor kerkhereniging die beste?	NGK	OKaap
Ek ondersteun die pogings tot kerkhereniging en werk aktief mee	16	14
Ek is positief teenoor die pogings tot kerkhereniging maar neem nie aktief deel aan aksies in hierdie verband nie	52	42
Ek staan apaties teenoor die pogings tot kerkhereniging	16	18
Ek is teen pogings tot kerkhereniging maar neem nie deel aan aksies teen kerkhereniging nie	13	19
Ek is teen pogings tot kerkhereniging en neem deel aan aktiwiteite om dit te verhoed.	3	6

4. Die Bybel

- Stiltetyd

Hoe gereeld hou u persoonlike stiltetyd (bv. gebed, nadenke, Bybellees)?	VSA	NGK
Gewoonlik elke dag	45	78
Paar keer per week	18	12
Een keer per week of minder	34	9
Nooit	3	0

- Die Woord van God?

Watter stelling kom die naaste aan u persoonlike siening van die Bybel?				
		NG lidmate	NG ds	WKaap ds
1	Die Bybel is die woord van God wat letterlik woord vir woord verstaan moet word	38	5	6
2	Die Bybel is die woord van God wat in die lig van sy historiese en kulturele konteks verstaan moet word	29	80	73
3	Die Bybel is die woord van God wat in die lig van sy historiese konteks en die kerklike leerstellings verstaan moet word	28	12	19
4	Die Bybel is nie die woord van God nie, maar bevat God se woord aan ons	4	2	2
5	Die Bybel is nie die woord van God nie, maar is 'n waardevolle boek	0	1	0
6	Die Bybel is 'n antieke boek met min waarde vir vandag	0	0	0
7	Ek weet nie	1	0	0

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

E4 : VOORLOPIGE OPSOMMING VAN TERUGVOER: KERKHERENIGING KONSULTASIE 2007

1. Inleidende Opmerkings

- 1.1 Die meeste gemeentes het groot moeite gedoen met die gesprekvoering en verslae. Teen Saterdag, 10 November, is meer as 70% van gemeentes se reaksies ontvang. Baie dankie aan almal wat die verslae opgestel het en deelgeneem het aan die proses om die data te versamel. Dankie aan elke lidmaat wat bereid was om 'n mening te deel.
- 1.2 Gemeentes se terugvoer is op die sinode se webblad geplaas by www.ngkok.co.za/eenheid. 'n Hele aantal lidmate het ook die moeite gedoen om hul standpunte op skrif te stel. Hiervan is 'n hele aantal reeds op die web geplaas.
- 1.3 **Die status van hierdie verslag:** dit is 'n eerste, baie kort opsomming (weens die tydsraamwerk) van gemeentes se terugvoer na aanleiding van die Achterbergh II voorstelle. In hierdie eerste rondte is die meeste lidmate se individuele terugvoer nog buite rekening gelaat. Gemeentes wie se terugvoer laat is, asook lidmate se bydraes sal in die finale verslag aan die Algemene Sinode in berekening gebring word. Die finale verslag word natuurlik ook op die Sinode se webblad gepubliseer by www.ngkok.co.za/eenheid vir belanghebbendes se insae.
- 1.4 Die finale verslag sal nie net oorhoofse kommentaar bevat nie, maar ook 'n samevattende lys van mense se gedagtes, argumente en opinies. Die bedoeling met die samevattende lys in die finale verslag is om te verseker dat almal se denke weergegee word.
- 1.5 Let daarop dat die verslag nie uitvoerig werk met getalle en persentasies ten opsigte van spesifieke menings nie. Die rede hiervoor is dat die ondersoek van die begin af nie op 'n ewekansige steekproef basis gedoen is nie. Gemeentes het hul terugvoer ook byna deurgaans nie op hierdie manier gegee nie.
- 1.6 Die terugvoer toon baie sterk weerstand teen die Algemene Sinode se besluit wat lui dat daar nie meer oor die "of" / "dat" van kerkhereniging gepraat word nie, maar slegs oor die "hoe". Baie respondente maak beswaar dat hulle nooit oor die "of" gekonsulteer is nie, en beleef dat kerkhereniging nou op hulle afgedwing word. Terme soos 'n "vertrouensbreuk" of "om die bos gelei" word in 'n paar gevalle ten opsigte van die leierskap gebruik.
- 1.7 Twee gemeentes het gekies om nie die konsultasieproses te volg nie, maar bloot hul afwysing van kerkhereniging weer te konstateer.

2. Konfessionele Basis: Oorhoofse Kommentaar

- 2.1 Die gevoelens oor die Achterbergh II-voorstelle oor die Belydenis van Belhar loop skerp uiteen.
- 2.2 'n Beduidende groep gemeentes - sowat 50% - stem saam dat Belhar nie 'n voorwaarde vir kerkhereniging moet wees nie. Niemand moet geforseer word om die belydenis te aanvaar nie. Die woord "nie forseer nie" kom soos 'n refrein in die terugvoer voor. Gemeentes wat andersinds sterk standpunt teen Belhar inneem, onderskryf die Achterbergh II voorstelle op hierdie punt.
- 2.3 Daar is lidmate wat sterk voel - volgens gemeentelike terugvoer - dat die kerke moet voortgaan en herenig. Daar is ook gemeentes gereed vir kerkhereniging. Ander gemeentes beleef tans konsensus of aanvaarding van die belydenisgrondslag. Alhoewel daar vrae is by sommige oor Belhar, is die voorstelle vir hierdie gemeentes aanvaarbaar.
- 2.4 Daar is ook sterk standpunte teen Belhar, wat beskryf word as 'n politieke dokument. Vir hierdie standpunt is dit onaanvaarbaar dat dit 'n integrale deel van die belydenisbasis van 'n herenigde kerk kan wees.
- 2.5 Punt 6, wat die groei na 'n volle aanvaarding van Belhar voorsien, is vir 'n aantal gemeentes 'n struikelblok. Dit moet weggelaat word uit die voorstelle. Daar is ook vrae oor hóé die voorstel dat Belhar nie 'n voorwaarde vir kerkhereniging is nie (pt 1) gerym moet word met die groei na volle aanvaarding (pt 6). Verskeie gemeentes meen dat die twee punte 'n anomalie verteenwoordig.

- 2.6 Sommige gemeentes rapporteer 'n bereidwilligheid tot samewerking, maar nie veel geesdrif vir samesmelting nie. Enkeles vermoed Belhar sal na hereniging afgedwing word, en is op daardie basis teen hereniging.
- 2.7 Alternatiewe is dat Belhar as 'n eietydse getuienisdokument gesien word, of dat die herenigde kerkverband 'n eie, eietydse belydenis opstel.
- 2.8 Die "stilte" van VGK-kerkleiers oor onreg en diskriminasie, soos regstellende aksie, wat teen die grein van Belhar ingaan, word bevraagteken. 'n aantal gemeentes spreek veral wantroue in die VGK-leierskap uit. 'n Gemeente wat Belhar onderskryf vra dat die sterk emosies teenoor dié belydenis omsigtig hanteer word.
- 2.9 Taal, kultuur en tradisie is vir 'n groep gemeentes 'n ononderhandelbare werklikheid en word as struikelblok vir kerkhereniging gesien. Dit geld ook die uitvoer van gesamentlike projekte. Enkele gemeentes vra of Afrika-tradisies (bv voorouer-verering) in die VGK nie as 'n teologiese beswaar teen kerkhereniging beskou moet word nie.
- 2.10 Gemeentes rapporteer dat die konsultasie oor kerkhereniging vir hulle as 'n verrassing gekom het - hulle het dit nie verwag nie. Dit blyk dat die kommunikasie van die proses regdeur die kerk nie altyd na wense verloop het nie.
- 2.11 Terwyl sommige gemeentes die inhoud van die Belhar-Belydenis baie goed ken en bestudeer het, is daar ander gemeentes waar onkunde oor dié belydenisskrif bestaan.

3. Model: Oorhoofse Kommentaar

- 3.1 Vergeleke met die heersende houding teenoor die Belydenis van Belhar, is heelwat minder gemeentes teen die voorgestelde model gekant. Die grootste groep gemeentes aanvaar die model. Sommige voel daar moet liever 'n aantal alternatiewe modelle by gemeentes getoets word. Daar is ook 'n mening dat kerkhereniging meer ingrypend behoort te wees as wat die model voorstel, anders is die verandering eintlik net kosmeties van aard.
- 3.2 In die gesprek oor die model kom kulturele belange sterk na vore. Dit moet gehandhaaf word. Die volgende kommentaar van 'n gemeente vat die gevoel goed saam: "'n Herenigde verband moet 'n ruim huis wees waarin daar plek is vir verdraagsaamheid. Die beste manier is om plaaslike kerkrade inderdaad toe te laat om die bediening in te rig by hul omstandighede en behoeftes. Kerkeenheid sal dus verskillend lyk op verskillende plekke, en dit is reg so. Die kerkorde moet oop wees en minimale voorskrifte bevat."
- 3.3 Die feit dat hereniging die verband struktureel direk raak, maar nie gemeentes nie, is vir 'n groep gemeentes nié genoeg waarborg vir kulturele selfbehoud nie. 'n Gemeente meen dat assosiasie-lidmaatskap daarom verder deurgedink moet word en dalk 'n integrale deel van die nuwe struktuur moet uitmaak.
- 3.4 Baie gemeentes beleef kerkhereniging as gemeente-hereniging.
- 3.5 Daar is gemeentes wat voel dat geen gesamentlike struktuur, soos 'n Algemene Sinode, geskep moet word nie. Gegewe die heersende politieke klimaat is selfs so 'n struktuur polities te sensitief. Uit die terugvoer blyk 'n verband tussen enersyds die tipering van Belhar as politieke dokument en andersyds sensitiwiteit vir die ongunstige politieke klimaat onder lidmate van die NG Kerk. Weens die politieke klimaat kan kerkhereniging kerkskeuring in die hand werk, word gesê.
- 3.6 Gemeentes rapporteer weerstand teen verandering by veral ouer lidmate wat gebore is uit 'n moegheid vir die geweldige verandering waarmee mense oor die afgelope 15 jaar gekonfronteer is.
- 3.7 Vrees speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die model. Sal die Algemene Sinode gemeentes se grense verander om hul samestelling te manipuleer? Sal gemeentes verplig word om predikante van kleur te beroep? Sal ons oorheers word? Vir hierdie gemeentes se verstaan beteken hereniging vanselfsprekend dat blanke lidmate van die NG Kerk die minderheid in 'n herenigde verband sal uitmaak. Die demografie van die land word veronderstel as daar oor die getalverhouding in die NG Familie gedink word. Sal "regstellende aksie" afgedwing kan word en wat is die implikasie hiervan vir finansies en eiendomme?
- 3.8 Teen hierdie agtergrond is daar ook bekommernis oor finansies en geboue wat afgeneem kan word.

- 3.9 Meer as een gemeente wat gekant is teen die model rapporteer goeie verhoudings met plaaslike familiekerke en wil eenheid as 'n Familie van Kerke uitleef. 'n Federale model of 'n assosiatiewe model geniet daarom beduidende steun in die terugvoer.
- 3.10 'n Plattelandse gemeente wys daarop dat hulle reeds kerkeenheid op hulle dorp bereik het in die sin van samewerking op barmhartigheidsterrein en gesamentlike byeenkomste op die Christelike feesdae. Samewerking tussen kerke is noodsaaklik om die wêreld te oortuig van die liefde van Christus. In hierdie sin word kerkeenheid gesteun, en nie as iets wat deur 'n meerdere vergadering voorgeskryf word nie.
- 3.11 Kan gemeentes deel wees van kerkhereniging sonder om die model te aanvaar? Of gaan hulle gestoomroller word om in te skakel? Heelwat gemeentes vra wat gaan word van gemeentes wat nie met die hereniging wil saamgaan nie?
- 3.12 'n Paar gemeentes voel dat 'n proeftydperk vir die Algemene Sinode en/of sinodes toegelaat moet word om te sien of kerkhereniging werk voordat dit gefinaliseer word.
- 3.13 Die vraag word ook gevra of die Skrif, wat nie kerkverband ken nie, werklik strukturele eenheid voorskryf? En - indien wel - waarom is hierdie voorskrif dan meer dwingend vir die kerkverband as vir gemeentes?

4. Gesamentlike Projekte: Oorhoofse Kommentaar

- 4.1 Verreweg die grootste groep gemeentes is sterk ten gunste van gesamentlike projekte. Gesamentlike missionêre projekte en onderlinge hulpverlening tussen swakker en sterker gemeentes word voorsien.
- 4.2 Terwyl die NG Kerk op die platteland oor sterk administratiewe strukture beskik, sê 'n gemeente, het die VGK weer sterk ontwikkelde ouderlingsbedieninge en geestelike leierskapstradisies (weens die afwesigheid van 'n leraar). Die kerk kan dus baie by mekaar leer en mekaar aanvul. Hierdie samewerking vind in verskeie gestaltes volgens die terugvoer plaas.
- 4.3 Talle gemeentes is tans reeds in meerdere of mindere mate met gesamentlike projekte besig.
- 4.4 Enkele gemeentes voorsien taal- en kulturele probleme rondom gesamentlike projekte. Daar word ook gevra hoe dit befonds gaan word?
- 4.5 Een gemeente meld dat niemand belangstel in gesamentlike projekte nie, en 'n ander een vra dat die voorstel in sy geheel weggelaat word.

5. Versoening: Oorhoofse Kommentaar

- 5.1 Gemeentes is baie positief oor versoening en ervaar die behoefte om die verlede af te handel. Een opmerking: "Versoening kom waar ons in die hede met mekaar 'n pad stap wat wys dat ons opreg is". 'n Ander: "Vergifnis is 'n onontbeerlike voorvereiste vir versoening en samewerking".
- 5.2 Geskille moet so gou as moontlik besleg word - met verwysing na die VGK - NGKA-situasie. Versoening is hier broodnodig. Dit belemmer kerkhereniging.
- 5.3 Die rol van gebed, afhanklikheid van die Here en omsigtige optrede van alle kante word beklemtoon.
- 5.4 'n Gemeente vra: Wat is die verband tussen versoening en reeds bestaande leerstellige en teologiese kwessies?
- 5.5 Kerkskeuring vanweë die herenigingsproses moet ten alle koste vermy word.
- 5.6 'n Gemeente meld dat kontak met die plaaslike VGK verrassend was gegewe die waardering vir die gemeente by die VGK. Daar was 'n totale afwesigheid van bitterheid en ongelukkigheid. 'n Gesamentlike erediens het sedertdien plaasgevind.
- 5.7 Daar is ook 'n behoefte dat die ander Afrikaanse gereformeerde kerke by eenheidsprosesse betrek word.

6. 'n Nuwe Naam

6.1 Die volgende moontlikhede word genoem (alfabetiese volgorde):

Afrika Getransformeerde Kerk
Algemene Christelike Kerk
Algemene NG Kerk van Afrika
Christus se Kerk
Die Nuwe Gereformeerde Kerk in Christus
Die Nuwe NG Kerk
Enlightened Christian Church
Herenigde Kerk van SA
Herenigde Nederduitse Gereformeerde Kerk
Kerk van Christus
Kerk van Christus
Liggaam van Christus
Nederduitse Gereformeerde Kerk (of 'n naam waarin hierdie woorde voorkom)
NG Kerk in Afrika
NG Kerk van Afrika
NG Kerk vir Afrika
NG Kerkfamilie
NG Verenigde Kerk
NGK (die naam wat gegeld het voor al die afskeidings sedert 1881)
Nuwe Geref Kerk in SA
SA Sinode van NG Kerkverband
SA Verenigde Kerk
Simunye
Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk
Suider-Afrikaanse Gereformeerde Kerk (heelwat steun)
Suiderkruiskerk van Jesus Christus
Verenig in Christus
Verenigde Christelike Kerk in SA
Verenigde Kerk van God
Verenigde Kerk van Vrede en Versoening
Verenigde NG Kerk van Suid-Afrika
Verenigende Reformerende Kerk van Christus in SA
Vernigde Christelike Kerk
VGK

6.2 Individuele gemeentes moet toegelaat word om hul naam te behou.

Danie Mouton
Skriba
10 November 2007

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

E5 : WERKSKEMA TIENDE SINODALE VERGADERING 12-15 NOV 2007

Maandag, 12 November 2007

- 11:00 - 13:00 Registrasie en Tydelike Kommissies
- 13:00 - 14:00 Middagete
- 14:00 - 14:50 Opening en Konstituering (liturgiese moment)
- 14:50 - 15:00 Verslag van die Ordekommissie
- 15:00 - 15:30 Persepsies oor die NG Kerk
Kerkspieël 2006
- 15:30 - 16:00 Koffie en Tee
- 16:00 - 18:00 VISIONÊRE LEIDING: Sakelys A4 en gedeeltes van A2
- 18:00 - 19:00 Aandete
- 19:00 - 19:30 Openingsrede
- 19:00 - 20:30 Visuele aanbieding en groeps gesprek
- 20:30 - 20:45 Dagsluiting

Dinsdag, 13 November 2007

- 08:30 - 09:00 Dagwyding
- 09:00 - 10:30 VISIONÊRE LEIDING: Sakelys A4
- 10:30 - 11:00 Koffie en Tee
- 11:00 - 13:00 VISIONÊRE LEIDING: Kerkhereniging Sakelys A4 en A2
- 13:00 - 14:00 Middagete
- 14:00 - 15:00 VISIONÊRE LEIDING: Kerkhereniging Sakelys A4 en A2
- 15:00 - 15:30 VISIONÊRE LEIDING: Publieke Kerk Sakelys A4
- 15:30 - 16:00 Koffie en Tee
- 16:00 - 16:35 VISIONÊRE LEIDING: Sakelys A4
- 16:35 - 18:00 NAVORSING: Sakelys A6
- 18:00 - 19:00 Aandete
- 19:00 - 20:30 BEGELEIDING: A5 en Groeps gesprek
- 20:30 - 20:45 Dagsluiting

Woensdag, 14 November 2007

- 08:30 - 09:00 Dagwyding
- 09:00 - 10:30 BEGELEIDING: Die Predikant Sakelys A5
- 10:30 - 11:00 Koffie en Tee
- 11:00 - 13:00 BEGELEIDING: Gemeentes Sakelys A5
- 13:00 - 14:00 Middagete
- 14:00 - 15:30 BEGELEIDING: Ringe Sakelys A5
- 15:30 - 16:00 Koffie en Tee
- 16:00 - 16:30 BEGELEIDING: Sakelys A5
- 16:30 - 18:00 RINGE konstitueer, wys verteenwoordigers aan en voer gesprek oor temas

18:00 - 19:00 Aandete
19:00 - 20:15 STRATEGIESE BESTUUR: SK-Verslag A2 en Sakelys A7
20:15 - 21:00 Pensioenfonds
21:00 - 21:15 Dagsluiting

Donderdag, 15 November 2007

08:30 - 09:00 Dagwyding
09:00 - 09:30 STRATEGIESE BESTUUR: Sakelys A7
09:30 - 10:30 Verslae van Tydelike Kommissies
10:30 - 11:00 Koffie en Tee
11:00 - 11:20 Beskrywingpunte: Sakelys C
11:20 - 11:30 Bybelgenootskap: Sakelys A8
11:30 - 11:40 In Memoriam: Sakelys A9
11:40 - 12:00 Argiefverslag: Sakelys E1
12:00 - 13:00 Verslae Tydelike Kommissies
13:00 - 14:00 Middagete: Afsluiting met Liefdesmaal
14:00 SINODALE KOMMISSIE konstitueer

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

F1 : EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FONDSE

1. Verslag A7 Strategiese Bestuur – Alternatiewe Berekening Sinodale Dankoffers

1.1 Die vergadering neem die verslag in bespreking. Daar word kommer uitgespreek oor of die berekening van 'n presentasie op bruto inkomste 'n impak gaan laat op veral kleiner gemeentes se finansies. 'n Verdere kommer is of dit nie wenslik sal wees om sekere uitsluitings soos byvoorbeeld geloofsgelofte-offers toe te laat nie. Die Voorsitter en die DA verduidelik dat hierdie die billikste metode en mees eenvoudigste formule is om die insameling van Sinodale Dankoffers te bereken sonder om 'n ingewikkelde model te skep.

1.2 AANBEVELING:

Die Aanbevelings by pt 1.6.5.5 word gewysig om soos volg te lees (wysiging in vetdruk):

“Die Sinode in sitting bepaal die presentasie waarteen die dankoffers bereken word op aanbeveling van die ringe en die Sinodale Kommissie “

Ds Christo van Heerden (Voorsitter)

Ds Deon Oelofse (Skriba)

F2 : EERSTE VERSLAG VAN TYDELIKE REGSKOMMISSIE

1.1 Beskrywingspunt C1 (p 140)

1.1.1 Aanbeveling:

1.1.1.1 Die Sinode besluit dat Bepaling 30.3 van die Kerkorde gewysig word om te lees: "Ringsvergaderings vind jaarliks plaas voor 31 Oktober."

1.2 Beskrywingspunt C2 (p 140)

1.2.1 AANBEVELINGS:

1.2.1.1 Ontvanklik vir behandeling ter vergadering, mits die bedoeling van die beskrywingspunt is dat die saak vir verdere ondersoek verwys word na die Algemene Sinode (Art 30).

1.2.1.2 Die Tydelike Regskommis­sie beveel aan dat Beskrywingspunt C2 nie goedgekeur word nie.

1.3 Beskrywingspunt C3 (p 140)

1.3.1 Aanbeveling:

Die Sinode besluit om Reglement 4 pt 1.3 te wysig om te lees: "Doen alle betalings in opdrag van die vergadering sodat dit voldoen aan aanvaarde rekeningkundige praktyk."

WA van Zyl (Voorsitter)

AC vd Westhuizen (Skriba)

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

F3 : EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

1. VOORSTEL : OPLEIDING VAN TEOLOGIESE STUDENTE

1.1 'n Konsep-voorstel is van ds Jan Coetzee en dr Jaco Putter ontvang ten opsigte van die opleiding van predikante. Hierdie voorstel is na die Kommissie vir Algemene Sake verwys. Die kommissie beveel aan dat die voorstel as volg deur die vergadering goedgekeur word:

1.2 AANBEVELING

1.2.1 Die Sinode versoek Kweekskole om dringend aandag te gee aan die volgende sake as deel van hulle opleiding (indien dit nog nie deel is nie):

1.2.1.1 Doelgerigte praktiese evangelisasie vir 'n nuwe, veranderde situasie waarin die kerk haar bevind;

1.2.1.2 Die moontlikheid van Nuwe Gemeente-Ontwikkeling wat 'n bydrae kan lewer om die koninkryk en die kerk die beste te kan dien.

1.2.2 Die Sinode versoek gemeentes om gereeld voorbidding te doen vir dosente aan kweekskole wat in hierdie moeilike tye die groot opdrag het om ons studente in die gesonde Gereformeerde leer op te lei.

2. VOORSTEL RAKENDE MISDAAD

2.1 'n Konsep-voorstel rakende misdaad is aan die Kommissie voorgelê. Dit word aanbeveel dat die voorstel met een geringe wysiging as volg goedgekeur word:

2.2 AANBEVELING

Die Sinode versoek gemeentes om deurlopend voorbidding te doen met die oog op die land se misdadsituasie, waarby spesiaal gebid sal word vir die misdadigers, die slagoffers van misdaad en al die veiligheidsdienste.

Voorsitter: Prof DA du Toit

Skriba: Dr ACV van Wyk

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

F4 : VERSLAG VAN DIE AD HOC KOMMISSIE : TERUGVOER AAN ALGEMENE SINODE RE ACHTERBERGH II-VOORSTELLE VIR KERKHERENIGING

1. Inleiding: Terugvoer uit Gemeentes

- 1.1 Die Sinode het kennis geneem van die terugvoer uit gemeentes na aanleiding van die pasafgelope konsultasieproses en herken die uiteenlopende menings oor kerkhereniging in die vergadering van die sinode self.
- 1.2 Hierdie waarneming is gebaseer op die uitkoms van 'n ope bespreking in die sinode toe afgevaardigdes hul menings in die groot vergadering gelug het.

2. Die Uitkoms van Kleingroepbesprekings

- 2.1 Die sinode het ook oor kerkhereniging in kleingroepe gesels. Die terugvoer en persepsies kan oorsigtelik as volg saamgevat word:
 - 2.1.1 Ons is bewus van die emosionele energie wat die hele proses tot dusver ge-eis het, en daar is steeds meer begrip vir en konstruktiewe bestuur van die konflik en pyn wat daarmee gepaard gaan, nodig. Spesiale geduld en deernis met mekaar in hierdie groeiproses is uiters noodsaaklik.
 - 2.1.2 Kerkeenheid is 'n Geesgedrewe proses wat nodig is vir ons voortbestaan en getuienistaak. Dit moet voortgaan ongeag verskille oor die belydenisgrondslag daarvan.
 - 2.1.3 Die fokus behoort deurgaans te val op 'n proses van geloofsonderskeiding waarin God-vrae prioriteit moet geniet, en nie ons eie belange nie.
 - 2.1.4 Op grondvlak behoort projekte uitgebou word, en op hierdie wyse kan die kloof tussen kerkleiers en lidmate oorgesteek word.
 - 2.1.5 Gesamentlike projekte tussen verskillende kerkgroepe op grondvlak (DVD) - wat reeds versoening en omgee beliggaam - is die grootste energiepunt wat ons moet koester en uitbou.
 - 2.1.6 Ons is steeds bymekaar te midde van die geskiedenis van konflik, en beleef dit as 'n positiewe realiteit, aangesien konflik nie noodwendig dui op 'n gebrek aan liefde en dinamiese energie nie.
 - 2.1.7 Gemeentes se fokus oor die volgende 4 jaar behoort te wees om doelgerig aan die bogenoemde twee sake - gesamentlike projekte en konstruktiewe konflikhantering – aandag te gee.
 - 2.1.8 Die politieke emosie betreffende die Belhar-belydenis is 'n wesenlike aspek waarmee baie gemeentes/lidmate worstel.
 - 2.1.9 "Soos ons bid, so glo en doen ons" - dit is veronderstel om so te wees, maar daar word ervaar dat daar 'n groot gaping is tussen ons gebede/ideale en die realiteit van die uitleef daarvan.
 - 2.1.10 Daar heers onsekerheid oor die moontlike proses se verloop i.t.v. die herenigde kerk se kerkorde: gaan dit saamgestel word na of voor die hereniging self?
 - 2.1.11 Grootse woutrou oor die proses asook oor die hoofleierskap se begeleiding daarvan.
 - 2.1.12 Baie lidmate ervaar dat die huidige struktuur van die kerk die proses van versoening op grondvlak belemmer.

3. Energiepunte

- 3.1 Die oortuiging bestaan dat, om 'n hegte en durende eenheid tussen die NG Kerk, die VGK, NGK en RCA – en selfs ander gemeentes wat hulle in die eenheid tuis mag voel – te verseker, die klem geplaas moet word op die groeipunte wat op plaaslike vlak reeds aan die groei of ontkiem is. Gemeentes behoort op 'n ontdekkingstog van samewerking begelei te word.

4. Suggesties rondom parallelle strukture

- 4.1 'n Belangrike vraag is hoe 'n veilige ruimte vir gemeentes geskep kan word om te groei in die ontdekkingstog van samewerking en groei na kerkhereniging. Hoe kan wantroue voorkom word en mense mekaar in Christus as broers en susters vind? Hoe kan wrokke uit die verlede hanteer en voorkom word?
- 4.2 Een moontlike benadering is die samestelling van 'n parallelle verband waarby ringe en gemeentes kan inskakel. Die bedoeling van so 'n proses is om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van vertroue wat die basis vir enige nuwe struktuur sal wees, en dus vir Bybelse gehoorsaamheid. Bestaande strukture bly dan in stand vir solank die deelnemende lede dit in stand wil hou.

5. 'n Herenigde Oos-Kaapse Sinode

- 5.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland het 'n stel teologiese waardes en 'n bepaalde teologiese visie en model vir haar funksionering gekies. Hierdie benadering ontwikkel op 'n besondere manier en bring op baie vlakke hoop en nuwe groei in die verband en in gemeentes te weeg.

6. 'n Gesamentlike Konsep-Kerkorde

- 6.1 Dit blyk uit die terugvoer dat die ontbrekende gedetailleerde prentjie van die wyse waarop 'n herenigde kerk kan funksioneer vir baie lidmate 'n struikelblok is. Daarom kan dit vir ons sinvol wees om 'n konsep-kerkorde vir die nuwe Herenigde Algemene Sinode op te stel en in gemeentes te bespreek.

7. AANBEVELINGS

- 7.1 Die sinode besluit om die insette van die gemeentes (E4 soos aangevul) asook die insette van die tafelgesprekke (soos saamgestel deur die Luisterspan, pt 2 hierbo) as kommentaar aan die kantoor van die Algemene Sinode deur te gee.
- 7.2 Die Sinode besluit:
- 7.2.1 om 'n hegte en durende eenheid tussen die lede van die Familie van NG Kerke (en selfs ander kerke wat hulself binne so 'n eenheid tuis kan voel) te verseker deur die klem te plaas op die samewerkingsaksies wat reeds op plaaslike gemeentevlak aan die ontkiem of groei is, en gee daarom opdrag aan sy Sinodale Kommissie om gemeentes op 'n ontdekkingstog van samewerking met die ander kerke te begelei;
- 7.2.2 om in die reses aandag te gee aan die onvrede, misverstande, onsekerhede en wantroue wat daar by sommige lidmate en gemeentes bestaan, en gee so opdrag aan sy Sinodale Kommissie;
- 7.2.3 om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die Bybelse eis vir kerkeenheid, asook oor alle ander motivering vir strukturele kerkhereniging, en dit op 'n deurlopende basis na die gemeentes te kommunikeer.
- 7.3 Die Sinode besluit om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die gesag en moontlike ontwikkeling van parallelle verbandstrukture wat dit onder andere moontlik maak om bestaande strukture in stand te hou vir solank die behoefte daarvoor bestaan.
- 7.4 Die Sinode versoek die Sinodale Kommissie om mee te werk aan die vestiging van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode volgens die waardes en uitgangspunte van die bestaande Oos-Kaapse model (Die Sinode kompeteer nie bedieningsmatig of finansiëel met die gemeentes nie, en die grense van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode kan bv die oostelike dele van die Suid-Kaap insluit.) Uiteraard sal die twee-derde meerderheidsbeginsel ook hier van toepassing wees. (Verwys Sakelys pt 36.3 en pt 4 36.4 p 23).
- 7.5 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om saam met die ander kerke van die NG Kerk Familie so spoedig moontlik 'n gesamentlike kerkorde op te stel vir die voorgestelde Herenigde Algemene Sinode. Hierdie kerkorde moet aan gemeentes voorgelê word vir verdere kommentaar. Die doel hiermee is om die gesprek te bespoedig.

F5: VERSLAG VAN DIE LUISTERSPAN

FOKUSPUNTE

“Wie van die water gedrink het wat Ek hulle sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Die water wat Ek hulle sal gee, sal in hulle ‘n fontein wees met water wat opborrel en vir hulle die ewige lewe gee.” (Johannes 4:13 – 14)

Lewende water VLOEI ...

V – Verhoudinge

God die Vader, Seun en Heilige Gees is ‘n Gemeenskap van verhoudinge wat ook in verhouding met God se skepping lewe. God het Jesus Christus na die wêreld gestuur om ons in te sluit by ‘n herstelde verhouding met God. Ons bely ‘n missionale God, die diepe Bron van die kerk se gestuurde identiteit en gerigtheid. Ons word opnuut geroep om ook in ‘n verdiepte en lewende verhouding te tree met ons leefwêreld, in navolging van Christus.

L – Luister

God laat die waardes van die Seisoen van Luister nl. Deernis, Openheid, Vertroue en Leerbaarheid realiseer. As dissipels luister ons geloofsonderskeidend na Hom en na mekaar. Deur te luister steek ons grense oor en word lidmate (vroue, kinders en mans) en ander bemagtig.

O – Omgee

Ons is dankbaar vir die verskeidenheid van omgee-projekte in gemeentes en ringe wat ‘n besondere hoofstuk in ons heilige verhale is. Ons konteks vra nog meer fokus en betrokkenheid by MIV/Vigs, armoede, misdaad, geweld en besoedeling. Ons gee spesiaal om vir al ons leiers op alle vlakke, asook vir die ekologie waarbinne God ons plaas om te sorg en te herskep.

E – Eenheid

Ons glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk en ons weet dat dit sigbare gestalte moet kry. Die verbintenis aan die ideaal van eenheid in die NG Kerkfamilie en die proses van kerkhereniging word opnuut bevestig. Eenheid met ander Christelike kerke moet ook groei.

I – Inligting

Ons is dankbaar vir die goeie vloei van inligting in die sinodale gebied. ‘n Effektiewe kommunikasie-strategie moet verder uitgebou word.

Waterstrome herinner ons aan die Herder wat ons bring by water waar daar rus is en aan die uitdagings wat voorlê. Ons gebed is dat die Sinode van Oos-Kaapland mag drink uit die Fontein en die Visriviere (simbole van skeiding uit die verlede) sal oorsteek.

F6 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Broer voorsitter, broers en susters

U kommissie lê die volgende kommissies en verteenwoordigers vir goedkeuring aan die sinode voor:

1. SINODALE KOMMISSIE

1.1 Die lede van die moderatuur soos deur die vergadering verkies:

(Sekundus vir die aktuaris word deur die Sinodale Regskommissie aangewys)

	PRIMARII	SEKUNDI
MODERATOR	Dr ACV van Wyk	////////////////////
ASSESSOR	Ds EGJdeG Schutte	////////////////////
AKTUARIUS	Ds WA van Zyl	Ds AC van der Westhuizen
SKRIBA	Ds DW Mouton	Ds JPL van Straaten
ADDISIONELE LID	Ds M van Niekerk	////////////////////

1.2 Die lede deur die ringe aangewys:

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
ALBANIE	Ds WG Olivier Diak (me) SE Swanepoel (Paterson)	Ds FB Terblanche Oudl CR Landman (Alexandria)
ALGOA	Ds JP Kampman Oudl L Diedericks (PE-Wes)	Ds HJ Alberts Oudl RJF van Niekerk (PE Lorraine)
BURGERSDORP	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl JJ Pienaar	Ds DH Davel Oudl CJ Nel
CRADOCK	Ds JT van Rooyen Oudl (me) MM Bosch (Cradock-Noord)	Prof DA du Toit Oudl JJ Joubert (Colesberg)
DORDRECHT	Ds JGM Richter Oudl Oudl JSJ Jordaan (Barkly-Oos)	Ds JS Marais Oudl GFJ Henning (Dordrecht)
GRAAFF-REINET	Ds MR vd Spuy Oudl. LM Snyman (Nieu-Bethesda)	Ds AJ Beyers Oudl MIL Ferreira (Willowmore)
HUMANSDORP	Ds DF Oelofse Oudl JZ du Plessis (Jeffreysbaai)	Ds D. Higgs Oudl (me) H Beukes (Humansdorp-Oos)
OOS-LONDEN	Dr AP Coetzee Oudl A Olivier (KWT)	Ds JSJ Swart Oudl A Botha (Buffelsrivier)
PORT ELIZABETH	Ds JE van Rooyen Oudl (me) C Veldsman (Somerstrand)	Ds TL Wait Oudl JCH Greyling (Somerstrand)

F6: Verslag van die Tydelike Kommissie vir Kommissies

PE-WES	Ds C Coetzee Oudl (ds) GEG Louw (Swartkopsrivier)	Ds RM van Tonder Oudl WS Stander (Swartkopsrivier)
QUEENSTOWN	Ds JPL van Straaten Oudl RH Barnard (Queenstown)	Ds PS Grobbelaar Oudl CLR Mathewson (Queenstown)
SONDAGSRIVIER	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch- Eendrag)	Ds DW O'Kennedy Oudl G Knoetze (Retief)
UITENHAGE	Ds JJD Nel Oudl (ds) HJ van Niekerk (Uitenhage-Oos)	Ds CJ Stümke Oudl JMW Viviers (Uitenhage Winterhoek)

1.3 Die Direkteur Administrasie en Direkteur Begeleiding is adviserend deel van die Sinodale Kommissie en sy Dagbestuur.

1.4 Die Netwerkbestuurders, asook die Deskundige Lid Finansies, word deur die Sinodale Kommissie aangewys.

2. DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

2.1 Soos saamgestel deur die Sinodale Kommissie:

	PRIMARII	SEKUNDI
MODERATOR	Dr ACV van Wyk	////////////////////////////////
ASSESSOR	Ds EGJdeG Schutte	////////////////////////////////
AKTUARIUS	Ds WA van Zyl	Ds AC van der Westhuizen
SKRIBA	Ds DW Mouton	Ds JPL van Straaten
ANDER LEDE	Ds AC van der Westhuizen	Ds M van der Spuy
	Dr JGM Richter	Me MM Bosch
	Ds DF Oelofse	Ds AHG Lötter
DL FINANSIES	Ds CH van Heerden	////////////////////////////////
ADVISEREND	Direkteur Administrasie Direkteur Begeleiding	////////////////////////////////

3. SINODALE REGSKOMMISSIE

(Soos aanbeveel deur die Tydelike Regskommissie)

PRIMARII	SEKUNDI
1. Ds WA van Zyl	1. Ds EGJdeG Schutte
2. Ds AC vd Westhuizen	2. Oudl JH Britz
3. Ds.WPM vanNiekerk	3. Mnr A Strydom (Regsgeleerde)
4. DS. DF Oelofse	4.
5. Oudl JC Greyling	5.
6. Oudl JZ du Plessis	////////////////////////////////
7. Mnr P Cilliers (Regsgeleerde)	////////////////////////////////

4. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENSVERHOUDINGE

	PRIMARIUS	SEKUNDUS
ASSESSOR	Ds EGJdeG Schutte	//////////
SRK-VERTEENWOORDIGER	Ds AC van der Westhuizen	Ds DF Oelofse

5. SINODALE VERTEENWOORDIGERS NA DIE ALGEMENE SINODE

5.1 Die lede van die moderatuur met sekundi soos deur die vergadering verkies:

PRIMARII	SEKUNDI
Dr ACV van Wyk	Ds AC van der Westhuizen
Ds EGJdeG Schutte	Dr JGM Richter
Ds WA van Zyl	Ds DF Oelofse
Ds DW Mouton	Ds M van der Spuy
Ds M van Niekerk	Ds AHG Lötter

5.2 Ouderlinge/diakens vir die moderatuur met sekundi soos deur die vergadering verkies:

PRIMARII	SEKUNDI
Oudl (me) C Veldsman (Somerstrand)	Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)
Oudl (ds) GEG Louw (Swartkops)	Oudl (me) HC Olivier (Nuwekerk GR)
Oudl M Oliphant (PE Lorraine)	Oudl FD Terblanche (Humansdorp-Oos)
Oudl CR Peyper (Jeffreysbaai)	Oudl WS vd Merwe (Joubertina)
Oudl A Olivier (KWT)	Oudl EJ Langenhoven (Algoapark)

5.3 Afgevaardigdes deur die ringe aangewys:

RING	PRIMARII	SEKUNDI
ALBANIE	Ds LR Swanepoel Oudl CPP vd Walt	Ds FG Terblanche Oudl JJ Joubert
ALGOA	Dr A Oliphant Oudl PJ Rootman	Ds MNPD Cruywagen Oudl (me) EJ Langenhoven
BURGERSDORP	Ds DH Davel Oudl JJ Pienaar	Ds FJ Greeff Oudl CJ Nel
CRADOCK	Ds A van Wyk Oudl (me) MM Bosch	Ds JM Taljaard Oudl IJR Vermaak
DORDRECHT	Ds JS Marais Oudl E Verster	Ds WD Schoeman Oudl W Koedyk
GRAAFF-REINET	Ds MR vd Spuy Oudl LM Snyman	Ds AJ Beyers Oudl MIL Ferreira
HUMANSDORP	Ds EP de Kock Oudl JZ du Plessis	Dr JJJ Putter Oudl AJ Adendorff
OOS-LONDEN	DS AP Coetzee Diak JJ Botha	Ds WP Petzer Oudl GJ Slabbert

F6: Verslag van die Tydelike Kommissie vir Kommissies

PORT ELIZABETH	Ds OJ Fourie Oudl JC Greyling	Ds E Malan Oudl (me) B Strydom
PE-WES	Dr JD Prinsloo Oudl RJ Schultz	Dr JP Cloete Oudl WS Stander
QUEENSTOWN	Ds JPL van Straaten Oudl RH Barnard	Ds J Potgieter Oudl PA Forster
SONDAGSRIVIER	Ds GJ Gouws Oudl P Mey	Ds J vd Merwe Oudl JJ Nortjé
UITENHAGE	Ds CJ Stümke Diak DPdeW Coetzee	Ds TJ vanSchoor Oudl (ds) HJ vanNiekerk

6. VERTEENWOORDIGERS OP DIE KURATORIA TEOLOGIESE FAKULTEITE

(Soos aanbeveel deur die Tydelike Regskommissie)

KURATORIUM	PRIMARII	SEKUNDI
BLOEMFONTEIN	Ds AC van der Westhuizen	
STELLENBOSCH	Dr JS van der Watt	Dr JJJ Putter

7. VERTEENWOORDIGERS OP DIE BYBELGENOOTSAP

(Soos aanbeveel deur die Sinodale Kommissie)

	PRIMARII	SEKUNDI
GEORDEND	Dr LM Steenkamp	Ds C Coetzee
ONGEORDEND	Oudl PJ Rootman	Oudl GL Oosthuizen

8. VERTEENWOORDIGER OP DIE BEHEERRAAD CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

(Soos aanbeveel deur die Sinodale Kommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
Ds G Loots	Ds DJT van Wyk

9. VERTEENWOORDIGER OP DIE STREEKKOMITEE VCSV

(Soos aanbeveel deur die Sinodale Kommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
Ds J vd Merwe	Ds D Higgs

10. VERTEENWOORDIGER OP DIE ARGIEFKOMMISSIE

(Soos aanbeveel deur die Tydelike Regskommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
Dr JWJ Viljoen	Ds J vd Westhuizen

11. KOMMISSIE IN MEMORIAM

(Soos aangewys deur die Kommissie vir Kommissies)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
Ds CJ Stümke	Ds JC Coetzee

12. VERTEENWOORDIGER VIR ALGEMENE KERKLIKE MEDIA

(Soos aangewys deur die Sinodale Kommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
-	-

AANBEVELING:

Staan oor met volmag aan die SK om 'n verteenwoordiger, indien nodig, aan te wys.

13. VERTEENWOORDIGERS OP ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE

(Soos aanbeveel deur die Sinodale Kommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDUS
Dr ACV van Wyk	Ds EGJdeG Schutte

14. VERTEENWOORDIGERS OP ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE

(Soos aanbeveel deur die Sinodale Kommissie)

PRIMARIUS	SEKUNDI
Direkteur Administrasie	////////////////////
Ds CH van Heerden	Ds DF Oelofse

15. VERTEENWOORDIGERS OP DIE RAAD VAN TRUSTEES VAN DIE PENSIOENFONDS

(Een persoon soos aangewys deur die lede van die pensioenfonds, en een persoon soos aangewys deur die volle sinode, met sekundi.)

PRIMARIUS	SEKUNDI
Dr J Viljoen (deur sinode aangewys)	Ds AC van der Westhuizen (deur sinode)
Ds CH van Heerden (deur lede aangewys)	Ds DW Mouton (deur lede aangewys)

**16. GEMENE SINODE TAAKSPAN PARLEMENTIESE LESSENAAR / PUBLIEKE KERK:
DS EGJdeG SCHUTTE**

**17. GEMEENTEDIENSTE NETWERK (GDN):
DS. DW MOUTON
DR ACV VAN WYK**

**18. ALGEMENE TAAKSPAN SEISOEN VAN LUISTER:
DS JT VAN ROOYEN**

**19. ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE ONTWIKKELING (ADGO):
DS DW MOUTON**

**20. ALGEMENE DIENSGROEP (ADD):
DS. DW MOUTON**

**21. ALGEMENE TAAKSPAN GRONDHERVORMING:
OUDL MIL FERREIRA (PRIM)
DR JWJ VILJOEN (SEK)**

Die kommissie vertrou dat hulle hiermee sy taak na behore verrig het.

Ds DH Davel (Voorsitter)
Ds. T Conradie (Skriba)

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN DIE TIENDE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

EERSTE SITTINGS DAG

MAANDAG 12 NOVEMBER 2007
EERSTE MIDDAGSITTING

1. OPENING

Die afgevaardigde leraars en kerkraadslede vergader in die konferensiesentrum by die Willows Vakansieoord te Port Elizabeth.

Dr Schalk du Toit tree as voorsitter van die vergadering op met die oog op die opening en konstituering. Hy heet die afgevaardigdes hartlik welkom en bid die vergadering die seën van die Here toe.

Die Sinode sing die Sinodelied van die Oos-Kaap staande saam en daarna KLB 162:1-3. Dr Schalk du Toit lees Deut 8:6-8, Ps 84:1-8, Jes 55:1-2 en Joh 7:37-38, waarna KLB 84:1-3 staande saamgesing word.

Tydens 'n spesiale openingseremonie, bring elkeen van die ringsvoorsitters water uit hul onderskeie areas in 'n waterkruik. Hulle lewer 'n gepaste boodskap en gooi die water in 'n gesamentlike fontein as simbool van die lewende water wat God gee en wat uit die kerk as geloofsgemeenskap na die wêreld vloei.

Die volgende persone tree namens hul ringe op:

Albanie: Ds Chris du Raan
Algoa: Dr Gerard Olivier
Burgersdorp: Ds Dewald Davel
Cradock: Ds Johan van Rooyen
Dordrecht: Ds Willie van Zyl
Graaff-Reinet: Ds Meld van der Spuy
Humansdorp: Ds Tertius Conradie
Oos-Londen: Ds Dries Coetzee
Queenstown: Ds Peet Grobbelaar
Port Elizabeth: Ds Rethie van Niekerk
P.E.-Wes: Dr Kobus Prinsloo
Sondagsrivier: Ds André Lötter
Uitenhage: Ds Christo Stümke

2. KONSTITUERING

2.1 Die gemeentes word soos volg volgens die geloofsbriewe en presensieregister in die vergadering verteenwoordig:

1. ABERDEEN (1855)

Ds AJ Beyers
Oudl JM Nel

2. ADELAIDE (1890)

Ds PCPA Odendaal
Oudl CPP van der Walt

3. ALBANIE (1831)

Ds FS de Jager
* Ds C van der Walt
Oudl AR Peterson

4. ALEXANDRIA (1854)

Ds FG Terblanche
Oudl CR Landman

5. ALGOAPARK (1953)

Ds MH Langenhoven
* Oudl me EJ Langenhoven

6. ALGOAPARK-NOORD (1959)

Ds HJ Alberts
* Ds E Bester
Oudl L Stander
Diak GJ Victor

7. ALIWAL-NOORD (1852)

Ds AC van der Westhuizen
Ds JS van der Watt
* Oudl CJ Nel
* Oudl C Nel

8. BARKLY-OOS (1873)

Dr JGM Richter
Oudl JSJ Jordaan

9. BOTHASRUS (1941)

Ds PP Kuhn
Oudl P Mey

10. BUFFELSRIVIER (1962)

Oudl AJ Botha

11. BURGERSDORP (1846)

Ds FJ Greeff
Oudl PA du Plessis

12. CAMBRIDGE (1952)

Ds JSJ Swart

13. CATHCART (1907)

Ds JS Kloppers
* Oudl S Prinsloo

14. COLESBERG (1826)

Ds JN Taljaard
Oudl JJ Joubert

15. CRADOCK (1818)

Ds JT van Rooyen
Oudl MHW Maré

16. CRADOCK-NOORD (1966)

Ds A van Wyk
* Oudl MM Bosch

17. CRADOCK-OOS (1951)

Ds EGJdeG Schutte
Oudl TT van der Nest

18. DE BRUG (1993)

Ds JH Kleynhans
* Diak WE Pretorius

19. DESPATCH-DAGBREEK (1984)

Ds JJH Vermeulen
Oudl JP Malan

20. DESPATCH-EENDRAG (1965)

Ds AHG Lötter
Diak SE Phillipson

21. DESPATCH-NOORD (1976)

Ds DW O'Kennedy

22. DESPATCH-SUID (1969)

Ds GG Binneman
Ds J van der Merwe
Oudl LS Rossouw

23. DIAS (1981)

Oudl CFJ Botha

24. DORDRECHT (1857)

Ds JS Marais
Oudl E Verster

25. ELLIOT (1890)

Ds DC Thomas
Oudl JA Beukes

26. FORT BEAUFORT (1949)

Ds JM Wolmarans
* Diak me EAS Lombard

27. GAMTOOSVALLEI (1944)

Ds J van der Merwe
Oudl AM Vermaak

28. GAMTOOSVALLEI-OOS (1958)

Oudl PR Nel

29. GLEN LYNDEN (1829)

Ds LR Swanepoel
Oudl WG de Klerk

30. GONUBIE (1986)

Ds JJ Pretorius
Ds WH Immelman

31. GRAAFF-REINET (1792)

Ds JWE Esterhuysen
Oudl D Botha

32. GRASVOËLKOP (1978)

Ds CP Crouse
Oudl A Els

33. HOFMEYR (1876)

Oudl IJR Vermaak
Oudl FM Jordaan

34. HUMANSDORP (1849)

Ds DF Oelofse
* Diak E Marais
Diak JV Vermaak
* Oudl WL Haasbroek
* Oudl J Beukes
Oudl LD Erasmus

35. HUMANSDORP-OOS (1976)

Dr JJJ Putter
Oudl FD Terblanche (vakante leraarspos)
Oudl E Adendorff

36. INDWE (1906)

Oudl P Stötter

37. JAMESTOWN (1891)

Oudl J van Pletzen

38. JANSENVILLE (1855)

Ds HJ Roberts
* Oudl EC Buys

39. JEFFREYSBAAI (1969)

Ds EP de Kock
Dr WJH de Koker
Ds D Higgs
Ds GJA van Niekerk
Oudl CR Peyper
Oudl JZ du Plessis
Oudl B Fouche
Diak WH Kritzinger

40. JOUBERTINA (1907)

Ds BIC Steyn
Oudl WS van der Merwe

41. KAREEDOUW (1906)

Oudl GK Gerber

42. KENSINGTON (1945)

* Oudl VJ Westraadt

43. KING WILLIAM'S TOWN (1912)

Oudl A Olivier

44. KLIPPLAAT (1944)

Geen afgevaardigde

45. KRAGGAKAMMA (1973)

Dr LM Steenkamp
Ds V Keyter
Oudl PJ Rootman
Oudl CJ Lötter

46. LADY GREY (1862)

Ds CM Erasmus
Oudl CC Cloete

47. LOERIE (1938)

Ds JP Bekker
Diak MA van Rooyen

48. MACLEAR (1916)

Ds WA van Zyl
Oudl JH Britz

49. MIDDELBURG KP (1852)

Prof DA du Toit

50. MIDDELBURG-UIJSIG (1963)

Ds HM Strydom
Oudl GC de Kock

51. MISGUND (1950)

Ds T Conradie
Oudl JAP de Jager

52. MOLTENO (1881)

Ds DH Davel
Oudl APJ van Zyl

53. MTHATHA (1890)

Ds WGP Botes (Waarnemer)

54. MURRAYSBURG (1855)

Dr S du Toit
Oudl C Kromhout

55. NAHOON (1960)

Ds R van der Mescht
Oudl WA Nel

56. NEWTONPARK (1953)

Ds CH van Heerden
Diak JG Pozyn

57. NIEU-BETHESDA (1878)

Oudl LM Snyman

58. NOUPOORT (1944)

* Ds WE Joubert (Waarnemer)
* Diak EM Groenewald

59. NUWEKERK (GRAAFF-REINET) (1927)

Ds HW de Kock
* Oudl HC Olivier

60. OOS-LONDEN (1905)

Ds J Labuschagne
Ds NW Bezuidenhout
* Oudl SF Prinsloo
Oudl H Botha

61. OOS-LONDEN-NOORD (1946)

Ds AP Coetzee
Oudl BS Lemmer

62. OOS-LONDEN-WESHEUWELS (1971)

Ds WP Petzer
Oudl GJ Slabbert

63. PARKHEUWEL (1955)

Dr M Muller
* Oudl AM Myburgh

64. PATERSON (1906)

Ds WG Olivier
* Diaken SE Swanepoel

65. PATMOS (1962)

Dr GW Olivier

66. PEARSTON (1859)

Ds GF Aggenbag
Oudl JF Froehlich

**67. PORT ELIZABETH (MOEDER-
GEMEENTE) (1907)**

Ds TL Wait
Oudl PW Engelbrecht

68. PORT ELIZABETH-DE DUIN (1963)

Ds JE van Rooyen
Oudl PPJ Jacobs

69. PORT ELIZABETH-HEIDEVELD (1982)

Ds D van Rooyen
Dr JD Prinsloo
Oudl RJ Scholtz
Oudl PJ Grobler

70. PORT ELIZABETH-HOOGLAND (1972)

Ds OJ Fourie
Ds DW Mouton
Ds E Malan
Oudl D Bothma
Diak D Marais

71. PORT ELIZABETH-LORRAINE (1976)

Dr A Oliphant
Ds PG Loubser
Ds MNP Cruywagen
* Oudl M Oliphant
Oudl RJF van Niekerk
* Oudl HO Ford

72. PORT ELIZABETH-NOOITGEDACHT (1959)

Ds C Coetzee
Dr JP Cloete
* Oudl GL Oosthuizen
Oudl PS Basson

73. PORT ELIZABETH-NOORD (1933)

Ds J van der Westhuizen
* Oudl L Möller

74. PORT ELIZABETH-OOS (1952)

Oudl PW Juta

75. PORT ELIZABETH-SENTRAAL (1924)

Ds GJ Noeth

76. PORT ELIZABETH-SHERWOOD (1987)

Ds RM van Tonder
* Oudl N Visser

77. PORT ELIZABETH-SIONSRAND (1970)

Ds JC Coetzee
Oudl J Tait

78. PORT ELIZABETH-SONHEUWELS (1964)

Ds D van Staden
Oudl J van der Westhuizen

79. PORT ELIZABETH-WES (1940)

Ds JP Kampman
Oudl L Diedericks
Oudl JA du Preez

80. QUEENSTOWN (1854)

Ds PS Grobbelaar
Ds J Potgieter
Oudl C le R Mathewson
Oudl RH Barnard

81. RETIEF (1958)

Ds FE Marais
Oudl G Knoetze

82. RIETBRON (1913)

Ds MR van der Spuy
Oudl J Bekker

83. SOMERSET-OOS (1825)

Ds CJ du Raan
Ds FP Louw
Oudl JJ Joubert
Oudl AN Troskie

84. SOMERSTRAND (1983)

Dr ACV van Wyk
Ds G Loots
* Ds M van Niekerk
* Oudl C Veldsman

Oudl DP Pieterse
Oudl JCH Greyling

85. SONDAGSRIVIER (1918)

Ds GJ Gouws
Oudl JJ Nortjé

86. SONDAGSRIVIER-SUID (1938)

Ds JH Enslin
Oudl TF Rintoul

87. STERKSTROOM (1891)

Ds DH Davel (verteenwoordig ook Molteno)
* Oudl C Kleynhans

88. STEYNSBURG (1875)

Ds DJT van Wyk
Oudl JJ Pienaar

89. STEYTLERVILLE (1876)

Oudl SJ Nel

90. STUTTERHEIM (1948)

Ds SSL de Witt
* Oudl P Forster

91. SWARTKOPSRIVIER (1976)

Ds GEG Louw
Oudl WS Stander

92. SYDENHAM (PORT ELIZABETH) (1946)

Oudl (ds) JJ van Wyk

93. TARKASTAD (1863)

Ds JPL van Straaten

94. TSITSIKAMMA (1944)

Geen verteenwoordiging

95. UGIE (1903)

Ds WD Schoeman
Oudl W Koedyk

96. UITENHAGE (1817)

Ds A Gouws
Oudl CJ Ratangee

97. UITENHAGE-DE MIST (1950)

Ds CJ Stümke

98. UITENHAGE-NOORD (1950)

Ds TJ van Schoor (Verskoning vir eerste sittingsdag)
Ds CJ Weyers
Ds C Slabbert
Oudl DP de W Coetsee
Oudl A Wait
* Oudl M Els

99. UITENHAGE-OOS (1950)

Ds JJD Nel
Ds PJ van Santen
Oudl HJ van Niekerk
* Prop A Strauss

100. UITENHAGE-WINTERHOEK (1971)

Ds HJ Meyer
Oudl JMW Viviers

101. VANSTADENSRIVIER (1966)

Ds M Lourens
* Oudl JH Erasmus
Oudl WR Smuts

102. VENTERSTAD (1882)

Diak L de Wet

103. WALMER (1929)

Ds L van Vuuren
* Oudl BM Strydom

104. WATERFORD (1919)

Geen verteenwoordiging

105. WILLOWMORE (1864)

Ds AJ Liebenberg
Oudl MIL Ferreira

2.2 Dr Schalk du Toit verklaar die vergadering wettig gekonstitueerd.

**3. A2 SINODALE KOMMISSIE -
VERSLAG ROEPINGSVERKLARING**

1. GELOOFSVERBINTENIS

1.1 - 1.2 Kennis geneem
1.2.3 AANBEVELING
Goedgekeur

2. SINODALE FUNKSIES

2.1 - 2.2 Kennis geneem
2.3 AANBEVELING
Goedgekeur

3. ROEPINGSVERKLARING

3.1 - 3.2 Kennis geneem
3.3 AANBEVELING
Goedgekeur
Die Sinode verbind homself opnuut aan die Roepingsverklaring.

4. VERKIESING VAN VOORSITTER

Dr Chris van Wyk word tot voorsitter verkies.

**5. A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOM-
MISSIE / ONTWERPSPAN P10**

5.1 Ds Hansie Schutte hou die verslag aan die Sinode voor en beklemtoon die volgende punte: Pte 2, 7, 15, 19, 20, 21, 22 en 25.

5.2 BESLUIT:

Die verslag word in sy geheel goedgekeur.

6. A6 NAVORSING PT 5 P124

Dr Chris van Wyk wys op sekere persepsies oor die NG Kerk en lig pte 5.2.1, 5.2.3 en 5.2.8 uit. Hy beklemtoon by wyse van 'n *Powerpoint*-aanbieding die volgende aspekte:

- Verwagtings
- Areas waar die kerk 'n rol in die gemeenskap behoort te speel
- Prioriteite
- Verwagtings oor reg/onreg
- Gevolgtrekkings
- Kommunikasie-strategie

5. PERSEPSIES OOR DIE NG KERK

5.1 - 5.4.2 Kennis geneem

5.4.3 AANBEVELING

Goedgekeur

7. VERKIESING VAN ASSESSOR

Ds Hansie Schutte word tot assessor verkies.

**MAANDAG 12 NOVEMBER 2007
TWEDE MIDDAGSITTING**

**8. E3 KERKSPIEËL OOS-KAAPLAND
2006**

Ds Danie Mouton lig Bylaag E3 (Kerkspieël 2006 Kerk- en Gemeente-wees in die Oos-Kaap) toe. Dit handel oor die resultate van Kerkspieël 2006 soos van toepassing op die Oos-Kaapse sinodale gebied. Hy wys op wesenlike tendense.

Kennis geneem van Bylaag E3

**9. A4 VISIONÊRE LEIERSKAP -
GELOOFSONDERSKEIDING,
BEPLANNING EN STRATEGIEË P54**

1. DOEL

1.1 Kennis geneem
1.2 AANBEVELING
Goedgekeur

2. WAT IS GELOOFSONDERSKEIDING?

2.1 - 2.7 Kennis geneem
2.8 AANBEVELING
Goedgekeur

10. A4 VISIONÊRE LEIERSKAP P55

3. GEREFORMEERDE IDENTITEIT

3.1 - 3.2.10.3 Kennis geneem

3.3 AANBEVELING

Kennis geneem

AMENDEMENT 1

Dat die **aanbeveling by pt 3.3** van Verslag A4 geamendeer word:

Die Sinode stuur hierdie opsomming na kerkrade vir gesprekke op gemeentevlak, maar spesifiek ook met die jeug, oor die Gereformeerde identiteit van die plaaslike bediening.

(Di Johan van der Merwe / Nico Bezuidenhout)

Goedgekeur

4. 'N PRAKTIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

4.1 - 4.12 Kennis geneem

4.13.1 AANBEVELING

Goedgekeur

VOORSTEL 1

Dat die Sinode pertinent die volgende saak tot sy agenda sal toevoeg:

4.9.2.6 Die klimaatkrisis van ons planeet.

(Di Charl Coetzee / Eugene Malan)

Goedgekeur

11. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Ds Willie van Zyl word tot aktuaris verkies.

12. A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE P48

4.3 WYSIGINGS AAN DIE BEPALINGS EN REGLEMENTE

4.3.1 - 4.3.2 Kennis geneem

4.3.3 AANBEVELING

4.3.3.1 - 4.3.3.2 **Goedgekeur**

13. A4 VISIONÊRE LEIERSKAP P65

7. KERKLOS-LIDMATE EN EVANGELISASIE

7.1 - 7.12 Kennis geneem

8. NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

8.1 - 8.10 Kennis geneem

8.11 AANBEVELINGS

8.11.1 - 8.11.3 **Goedgekeur**

14. PERSONEEL

14.1 Verskonings:

Ds Tobie van Schoor - Uitenhage-Noord, vir Maandag 12 November 2007.

Oudl Pierre Rootman - Kraggakamma, vir die oggendsitting van Woensdag, 14 November 2007.

Ds Deon Binneman - Despatch-Suid, vir die aandsitting van Maandag, 12 November 2007.

Ds Gawie Gouws - Sondagsrivier, vir die oggendsitting van Dinsdag, 13 November 2007.

Oudl Renier Scholtz -P.E.- Heideveld, vir Maandag, 12 November 2007.

Ds Eldré Bester - Algoapark-Noord, vir die aandsittings van 12 - 14 November 2007.

14.2 Voorbidding en Verskoning:

Ds Frans Stapelberg - Tsitsikamma wat kritiek siek is as gevolg van 'n kroniese longkwaal.

Ds Gerard Ehlers, emeritus, wat 'n operasie ondergaan.

MAANDAG 12 NOVEMBER 2007 AANDSITTING

15. LITURGIESE MOMENT

Die Sinode wys ds Arnold van der Westhuizen (Werkgewers) en ds Danie Mouton (Werknemers) as sy sekundus-verteenwoordigers op die Pensioenfonds aan.

(Ds Hansie Schutte / Ds Rethie van Niekerk)

Goedgekeur

86. C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE P140

C1 SKRAP BEPALING 30.3

AANBEVELING:

Kennis geneem

C2 AFVAARDIGING VAN GEESTELIKE WERKERS NA RINGSVERGADERINGS BESLUIT:

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie, maar verwys na die Algemene Sinode.

VOORSTEL 9

Die Sinode besluit dat:

1.1 Dat leraars en voltijdse geestelike werkers na rings- en streeksinodes afgevaardig mag word.

1.2 Dat 'n gelyke hoeveelheid kerkraadslede vir elke leraarspos en geestelike werkerspos afgevaardig mag word na ringsvergaderings.

1.3 Dat geestelike werkers sittingsreg op streeksinodes kry as afgevaardigdes sonder 'n gelyke verteenwoordiging van 'n kerkraadslid.

(Ds Velle Potgieter / Ds Peet Grobbelaar)

Verwys na die Algemene Sinode

C3 WYSIG REGLEMENT 4

AANBEVELING:

Kennis geneem

**87. F2 EERSTE VERSLAG TYDELIKE
REGSKOMMISSIE**

1.1 BESKRYWINGSPUNT C1

1.1.1 AANBEVELING

Goedgekeur

1.2 BESKRYWINGSPUNT C2

1.2.1 AANBEVELINGS

1.2.1.1 - 1.2.1.2 Goedgekeur

1.3 BESKRYWINGSPUNT C3

Goedgekeur

88. A4 VISIONÊRE LEIERSKAP P64

**5. DIE KERKORDE IN DIE LIG VAN DIE
PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE**

5.1 Kennis geneem

5.2 AANBEVELING

Goedgekeur

6. WYSIGING KERKORDE ARTIKEL 3

6.1 - 6.2 Kennis geneem

6.3 AANBEVELING

Goedgekeur

**89. A8 VERSLAG VAN DIE
BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
P134**

Ds Ben Fourie, sekretaris van die Bybelgenootskap in Oos-Kaapland, hanteer die verslag.

1 - 7 Kennis geneem

Ds Matie van Niekerk is aangestel in 'n permanente pos by die Bybelgenootskap om veral die Bybelgenootskap se werk onder die Xhosa-sprekende gemeenskap te bevorder. Hy is ook verantwoordelik vir die bestuur van die "Faith comes by hearing" program, en sal sakemanne se betrokkenheid by die Bybelgenootskap ontwikkel.

**90. A9 VERSLAG VAN DIE IN MEMORIAM
KOMMISSIE P138**

Ds Hennie Strydom hanteer die verslag van die In Memoriam Kommissie.

1 - 4 Kennis geneem

5. AANBEVELINGS

5.1 - 5.4 Goedgekeur

Oudl Naas Vermaak doen Skriflesing en gebed na afhandeling van die verslag.

Ds Christo Stümke word aangewys om in die plek van ds Hennie Strydom die In Memoriam Kommissie te behartig.

**91. F6 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE
KOMMISSIE VIR KOMMISSIES**

1. SINODALE KOMMISSIE

1.1 - 1.4 Goedgekeur

2. DAGBESTUUR VAN DIE SK

2.1 Goedgekeur

3. SINODALE REGSKOMMISSIE

Goedgekeur

4. SKDV

Goedgekeur

**5. SINODALE VERTEENWOORDIGERS NA DIE
ALGEMENE SINODE**

5.1 - 5.3 Goedgekeur

**6. VERTEENWOORDIGERS OP DIE
KURATORIA**

Goedgekeur

**7. VERTEENWOORDIGERS OP DIE
BYBELGENOOTSKAP**

Goedgekeur

**8. BEHEERRAAD CHRISTELIKE
LEKTUURFONDS**

Goedgekeur

9. STREEKKOMITEE VCSV

Goedgekeur

10. ARGIEFKOMMISSIE

Goedgekeur

11. KOMMISSIE IN MEMORIAM

Goedgekeur

12. AKKM

Kennis geneem

13. ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE

Goedgekeur

14. ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE

Goedgekeur

15. TRUSTEES PENSIOENFONDS

Goedgekeur

**16. TAAKSPAN PARLEMENTÊRE LESSE-
NAAR / PUBLIEKE KERK**

Goedgekeur

17. GDN

Goedgekeur

18. SEISOEN VAN LUISTER

Goedgekeur

19. ADGO
Goedgekeur

20. ADD
Goedgekeur

21. TAAKSPAN GRONDHERVORMING
Goedgekeur

**92. F5 FOKUSPUNTE: VERSLAG VAN DIE
LUISTERSPAN**

F5 Verslag van die Luisterspan dien voor die vergadering.

AANBEVELING:
Goedgekeur

VOORSTEL 10

Die Sinode dank God-Drie-Enig vir alle NG lidmate en ander wat ter wille van Christus, Sy Kerk en Koninkryk, aktief die liefde en eenheid oor grense heen bevorder en uitleef.

(Ds Wouter O'Kennedy / Ds Corné Slabbert)

Goedgekeur

93. AANKONDIGINGS

93.1 Verskonings

Di Willem Immelman en Jurie Pretorius - Gonubie, maak verskoning vir Donderdag 15 November 2007 vir die tweede oggendsessie.

Oudl JA du Preez maak verskoning vir Donderdag 15 November 2007.

94. BEDANKINGS

94.1 Dr Chris van Wyk bedank 'n baie groot groep persone en instansies by name wat bygedra het om van die sinodale vergadering 'n besondere sukses te maak.

**95. BEVESTIGING: DIREKTEUR
BEGELEIDING**

95.1 Dr Chris van Wyk, moderator, roep ds Danie Mouton, PSD Direkteur Begeleiding, na vore en bevestig hom in sy amp.

95.2 Die dertien ringsvoorsitters dra seënwense aan ds Mouton oor namens die onderskeie ring.

95.3 Die vergadering sin hom toe: "Laat Heer U seën op hom daal".

96. AFSLUITING MET LIEFDESMAAL

96.1 Die vergadering word afgesluit met 'n liefdesmaal. Die afgevaardigdes deel rondom die tafels in die gemeenskaplike brood en druiwesap as teken van Christus se liefde vir sy skepping, asook ons verbondenheid aan die Here, aan mekaar en aan ons roeping in die wêreld.

96.2 Na gebed om die tafels verdaag die vergadering.

H: BYLAAG - HEILIGE VERHALE

Afgevaardigdes na die Sinode het in klein groepe met mekaar verhale van God se werk in hul kontekste gedeel. Sommige van hierdie verhale is na die groot vergadering teruggevoer en word hier deur middel van beknopte aantekening weergegee:

Een:

In ons woonbuurt trek mense in wat aan geen kerk behoort nie, en verskil van ons. Daar is ook NG lidmate wat intrek en glad nie kerklik inskakel nie. Ons is daar om lig vir die wêreld te wees. In samewerking met die stadsraad het ons al die adresse gekry. Daar was 1,600 adresse. Ons het 'n veldtog geloods om aan elke deur te klop. Almal was opgewonde en groot energie het losgekome. Ons het twee weke bankwas gewerk en kon die helfte van die adresse besoek. Ons het baie mense geïdentifiseer met geestelike behoeftes waarvan ons nooit geweet nie. Nou kan ons daarop reageer en iets daaraan doen.

Twee:

In ons groep het die aandag van al die stories gefokus op die versorging van weerlose mense. Straatkinders, Nigeriërs en nuwe intrekke in PE word versorg. PE-Sentraal se kerksaal was 'n sending-organisasie se kerk, en word nou weer 'n huis van sending.

Ook in ander gebiede, soos Humansdorp word uitgereik. PE-Wes se Ring onthou die weerloosheid van Patmos met die skeuring, en hoe die mense opgestaan het en ouer lidmate wat weerloos gelaat is, gehelp het. Die Here het ons kerke gehelp om versorgend en liefdevol op te tree.

Drie:

Ons groep is opgewonde met wat die Here doen. Die getuigenisse gee ons energie. Daar is behoefte aan doelgerigte fokus op die behoeftes van lidmate en ook die wêreld, met die aanspreek van geestelike behoeftes. Ons is meer as 'n sosiale aksie. Ons moet 'n biddende kerk wees. Ons sien 'n behoefte aan beter kommunikasie tussen ring en gemeentes / lidmate oor die projekte.

Vier:

Daar is 'n behoefte aan 'n diep geestelike verhouding met die Here. Mense wil die Here dien, en vir Hom lewe.

Vyf:

Die verhaal van Uitenhage-De Mist. Hulle het agtergekome meer en meer mense is werkloos. Die gemeente het met 'n sokkombuis begin, en nuwe energie is geskep by hulle lidmate. Die

diens het mense aan die lewe gehou, en die diensbaarheid het die gemeente met energie, en nuwe insigte in wie God is, gevul.

PE-Nooitgedacht vertel van 'n sterwende jong man wat op 'n besondere manier genees is en deel geword van die gemeente.

Ses:

Humansdorp se storie begin by EE III-opleiding by 'n gemeente wat uitgebrei het na ander gemeentes, en toe na bruin VGK- en later Xhosa-gemeentes. Mense van ander kerke het ook begin kom vir toerusting. Daarna het die opleiding gesprei na die bruin Hoërskool. Soveel kinders het hulle lewe vir die Here gegee dat 200 kinders nou Donderdagaande in Bybelstudiegroepe bymekaar kom. Die Xhosa-Hoërskool skakel nou ook in. Die skoolhoof het die skool volledig oopgestel – selfs periodes word vir die opleiding gegee. Die toerusting in Humansdorp is evangelisasie-toerusting, en selfs NG kerkrade gaan nou oor die grense met die evangelie.

Sewe:

Uitenhage: Hier het 'n gemeente uitgevind die Here bring mens by kruispaaie. Die eerste jaar was 'n jaar van toewyding, regmaak met die Here, gebed, en die vrug was die genesing van mense.

In ons eie omgewing het ons bewus geraak van grootskaalse alkoholmisbruik onder alle groeperinge in die gemeenskap. Ons het by gelowiges wat 'n bediening onder verslaafdes bedryf, geleer hoe ons as kerkraad hierby betrokke kan raak. Ons het plase betrek by 'n doelgerigte alkoholprojek en –bediening. Daar is heelwat boere wat bereid is om die werk te ondersteun, en ook finansiëel by te dra.

Agt:

Daar het beslis iets begin gebeur rondom die luisterseisoen. Uitenhage ontdek hoedat gemeentes mekaar help om te vernuwe. By 'n paar gemeentes is daar 'n bewuswording van ander denominasies in die dorpe. In Middelburg het ons sewe predikante van sewe denominasies op 'n retraite gegaan en begin gesels oor die bediening aan die dorp. As gesamentlike aksie van Christene het die Angus Buchan-besoek besonder opbouend verloop. Ons preek oop en weer in denominasies. Dit is die werk van die Here.

By ons lidmate ontwikkel 'n sterker sensitiwiteit vir die nood in die wêreld. Ons het 'n HIV-kinderhuis in ons dorp ontdek waarby geen kerk betrokke is nie. Ons lidmate het mekaar byna vertrap om hier betrokke te raak. Angus Buchan se besoek was opbouend omdat 'n klomp mense hulle herverbind het aan die Here.

Nege:

In die Dordrecht-ring het Maclear-gemeente groot finansiële probleme gehad. Alles het oor finansies begin gaan. Toe het ons meer aandag begin spandeer aan geestelike groei. Ons het ons predikant verloor. Ons het hulp van die ring gevra om die pakket te help afbetaal. Die Ring het bygedra, al het die ander gemeentes dit nie breed nie. Willie van Zyl het aangebied om ons te help. Ons kon nie glo so iemand sou kom om ons te help nie. Ons begin nou lig sien.

Tien:

Ons wil eer gee aan God oor ons storie. Krisisse bring mens by 'n proses waar jy besef God wil jou gebruik. Drie jaar gelede het ons 'n krisidroogte in die Langkloof gehad. Ons het 'n verootmoedigingsdiens gehou, maar niks het gebeur nie. Toe het 3 lidmate gesê die Here sê die gemeenskap moet hulle verootmoedig. Ons hou toe 'n verootmoedigingsdiens op 'n Woensdag, en vra plase om te sluit en almal om kerk toe te kom. Daar was 'n 1,000 mense in die kerk. Daardie naweek val daar toe 200mm reën. Ons roep toe almal op vir 'n dankdag. Daardie Woensdag is die kerk nog voller. Selfs 'n vragmotor het voor die kerk vasgeval. Iets het gebeur wat van die Here af kom. Dit het openheid in ons gemeenskap gebring. Mense besef ons moet die grense oorsteek. Hemelvaart, 12:00, het ons gesamentlike diens in die kerk. Dit was weer 'n besondere opkoms. Ons moet nou verder gaan, maar dis hoe die Here ons gemeenskap bymekaargebring het en openheid geskep het.

Elf:

Uitreik na die gemeenskap vind met baie projekte plaas. Ons kry by die CMR 'n oproep om 'n babatjie te gaan haal wat oerloos is. So volg 'n paar sulke oproepe. Nedbank het twee huise geskenk, en nou word daar 6 wesies onderhou deur 2 mammas.

Deur ervaringsleerkursusse word 'n groot groep kinders uit gebroke huise en wat in die nywerheidskool is, bedien. Daar is 'n groot behoefte by skole – die helfte Oos-Kaapse skole het bv nie lopende water nie. Een van die seuns in die Nywerheidskool het “ontsnap” en na die kerk gekom om sy lewe met die Here reg te maak.

I : VERKORTE BESLUITEREGISTER SINODE 2007

Nota: Die volledige besluiteregister is beskikbaar by www.ngkok.co.za/sinode2007

Die Sakelys of Handelingte moet geraadpleeg word vir die konteks van die besluite - die verwysing verskyn in die laaste 2 kolomme

Opskrif	Besluit	Sakelys	Handelingte
Regl 4 pt 1.3	Die Sinode besluit om Reglement 4 pt 1.3 te wysig om te lees: "Doen alle betalings in opdrag van die vergadering sodat dit voldoen aan aanvaarde rekeningkundige praktyk."	-	F2 TRK
Liefde en eenheid oor grense uitleef	VOORSTEL 10 Die Sinode dank God-Drie-Enig vir alle NG lidmate en ander wat ter wille van Christus, Sy Kerk en Koninkryk, aktief die liefde en eenheid oor grense heen bevorder en uitleef.	-	Voorstel 10
Fokuspunte	FOKUSPUNTE "Wie van die water gedrink het wat Ek hulle sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Die water wat Ek hulle sal gee, sal in hulle 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hulle die ewige lewe gee." (Johannes 4:13 – 14) Lewende water VLOEI ... V – Verhoudinge God die Vader, Seun en Heilige Gees is 'n Gemeenskap van verhoudinge wat ook in verhouding met God se skepping lewe. God het Jesus Christus na die wêreld gestuur om ons in te sluit by 'n herstelde verhouding met God. Ons bely 'n missionale God, die diepe Bron van die kerk se gestuurde identiteit en gerigtheid. Ons word opnuut geroep om ook in 'n verdiepte en lewende verhouding te tree met ons leefwêreld, in navolging van Christus. L – Luister God laat die waardes van die Seisoen van Luister nl. Deernis, Openheid, Vertroue en Leerbaarheid realiseer. As dissipels luister ons geloofsonderskeidend na Hom en na mekaar. Deur te luister steek ons grense oor en word lidmate (vroue, kinders en mans) en ander bemagtig. O – Omgee Ons is dankbaar vir die verskeidenheid van omgee-projekte in gemeentes en ringe wat 'n besondere hoofstuk in ons heilige verhale is. Ons konteks vra nog meer fokus en betrokkenheid by MIV/Vigs, armoede, misdaad, geweld en besoedeling. Ons gee spesiaal om vir al ons leiers op alle vlakke, asook vir die ekologie waarbinne God ons plaas om te sorg en te herskep. E – Eenheid Ons glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk en ons weet dat dit sigbare gestalte moet kry. Die verbintenis aan die ideaal van eenheid in die NG Kerkfamilie en die proses van kerkhereniging word opnuut bevestig. Eenheid met ander Christelike kerke moet ook groei. I – Inligting Ons is dankbaar vir die goeie vloei van inligting in die sinodale gebied. 'n Effektiewe kommunikasie-strategie moet verder uitgebou word. Waterstrome herinner ons aan die Herder wat ons bring by water waar daar rus is en aan die uitdagings wat voorlê. Ons gebed is dat die Sinode van Oos-Kaapland mag drink uit die Fontein en die Visriviere (simbole van skeiding uit die verlede) sal oorsteek.	-	F5
Kweekskole	1.2 BESLUIT: 1.2.1 Die Sinode versoek Kweekskole om dringend aandag te gee aan die volgende sake as deel van hulle opleiding (indien dit nog nie deel is nie): 1.2.1.1 Doelgerigte praktiese evangelisasie vir 'n nuwe, veranderde situasie waarin die kerk haar bevind;	-	F3 TAS

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

	<p>1.2.1.2 Die moontlikheid van Nuwe Gemeente-Ontwikkeling wat 'n bydrae kan lewer om die koninkryk en die kerk die beste te kan dien.</p> <p>1.2.2 Die Sinode versoek gemeentes om gereeld voorbedding te doen vir dosente aan kweekskole wat in hierdie moeilike tye die groot opdrag het om ons studente in die gesonde Gereformeerde leer op te lei.</p>		
TRK F2 re C1	<p>1.1.1.1 Die Sinode besluit dat Bepaling 30.3 van die Kerkorde gewysig word om te lees: "Ringsvergaderings vind jaarliks plaas voor 31 Oktober."</p> <p>BESLUIT: Goedgekeur</p>	-	F2 TRK
Klimaatskrisis	<p>VOORSTEL 1</p> <p>Dat die Sinode pertinent die volgende saak tot sy agenda sal toevoeg:</p> <p>4.9.2.6 Die klimaatskrisis van ons planeet.</p>	-	Voorstel 1
Herroeping van 1857-Besluit	<p>VOORSTEL 2</p> <p>HERROEPING VAN 1857-BESLUIT</p> <p>1. Die Sinode is bemoedig deur en neem met dankbaarheid kennis van die weg wat die Here spesifiek met die NG Kerk in die Oos-Kaap t.o.v. versoening in rasseverhoudinge geloop het – soos o.a. gehoor in die verhale wat tydens die openingsliturgie van die sinodesitting deur Ringsafgevaardigdes vertel is.</p> <p>2. Die Sinode onderwerp hom aan die Here se oproep in sy Woord tot versoening en eenheid van sy kerk en neem graag hande met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap in die herroeping van die besluit van die Kaapse Kerk op 6 November 1857 wat direk aanleiding tot kerkskeuring / afsonderlikheid in die kerk o.g.v. ras gegee het. Die volledige besluit lui as volg: "De Synode beschouwt het wenschelijk en schriftmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal."</p> <p>In die lig van die verloop van die geskiedenis betreur die Sinode die tweede deel van die besluit waarvolgens die eise van die praktyk as norm bo die eise van die Skrif geneem is en dit oor 'n tydperk van 150 jaar tot groot pyn by lidmate van die NG Kerk familie gelei het.</p> <p>3. Die Sinode roep in herinnering dat die gemeente, uit wie se geledere hierdie genoemde besluit van 1857 geneem is, uit Oos-Kaapse bodem (Stockenström-gemeente en die Ring van Albanie) kom en daarom die behoefte het om hierdie besluit ook juis vanuit die Sinode van die Oos-Kaap te herroep as 'n gebaar om sy erns met God se roeping tot versoening en hereniging te bewys.</p> <p>4. Die Sinode moedig, saam met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap, gemeentes en ringe aan om die versoening en hoop sigbaar te maak deur sover as moontlik met die ringe en gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig.</p> <p>5. Die Sinode vertrou dat die Here ons op hierdie weg sal lei om heling vir die wonde te bring en 'n lig vir die nasies te laat skyn.</p>	-	Voorstel 2
Kerk en Staat	<p>VOORSTEL 4</p> <p>Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die Algemene Sinode vir die struktuur wat gevestig is om die kerk/staat-verhouding amptelik te hanteer.</p> <p>Die Sinode bid die diensdoenende lede in hierdie struktuur alle seën toe.</p> <p>Die Sinode versoek die Sinodale Kommissie om ernstig aandag te gee aan:</p> <p>1. Die moontlikheid van die vestiging van 'n groter kapasiteit in die bestaande dienste veral met die oog op betrokkenheid by streeksregerings.</p> <p>2. Om ringe en gemeentes te begelei hoe om by provinsiale en munisipale regeringstrukture betrokke te raak in alle sake waarin die Sinode reeds beginsel-riglyne vir hulleself ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid neergelê het.</p>	-	Voorstel 4

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

Provinsiale Regering	VOORSTEL 5 Die Sinode versoek die SK om, moontlik deur die Direkteur Begeleiding, skakeling te bewerkstellig en samewerking te bevorder tussen die NG Kerk in Oos-Kaapland en die provinsiale regering van die Oos-Kaap, veral rondom sake wat die Sinode identifiseer as die kerk se publieke rol.	-	Voorstel 5
Sekundi vir moderatuur na AS	53.1 BESLUIT: Die SK wys die sekundi vir die Moderatuurslede na die volgende Algemene Sinode aan. Goedgekeur	-	53
Kollekte vir Gemeentebystand	VOORSTEL 6 Die naam van die Tien Rand Fonds word gewysig na Kollekte vir Gemeentebystand. Gemeentes word versoek om jaarliks moeite te doen om bydraes in te samel vir gemeentes wat in die sinodale gebied swaarkry.	-	Voorstel 6
Misdaad	2.2 BESLUIT: Die Sinode versoek gemeentes om deurlopend voorbidding te doen met die oog op die land se misdaadsituasie, waarby spesiaal gebid sal word vir die misdadigers, die slagoffers van misdaad en al die veiligheidsdienste.	-	F3 TAS
Geestelike werkers afgevaardig na Ring en Sinode	BESLUIT: Verwys die volgende voorstel na die Algemene Sinode: VOORSTEL: Die Sinode besluit: 1.1 Dat leraars en voltydse geestelike werkers na rings- en streeksinodes afgevaardig mag word. 1.2 Dat 'n gelyke hoeveelheid kerkraadslede vir elke leraarspos en geestelike werkerspos afgevaardig mag word na ringsvergaderings. 1.3 Dat geestelike werkers sittingsreg op streeksinodes kry as afgevaardigdes sonder 'n gelyke verteenwoordiging van 'n kerkraadslid.	-	Voorstel 9
Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers	16.3 BESLUIT: Die Sinode moedig kerkrade aan om dr Van Velden te benut in die toerusting van uitreik-spanne en toerusting om interkulturele werkers sinvol te ondersteun.	A2 16	
Kerklike inseëning van huwelike	BESLUIT: Kennis geneem	A2 17	
Een Oos-Kaapse Herenigde sinode	36.4 BESLUIT: Die Sinode versoek die SK om mee te werk aan die vestiging van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode waarin die waardes en uitgangspunte van die bestaande Oos-Kaapse model bevorder kan word.	A2 36	
Gemeentedienste-Netwerk vir die NGK in Oos-Kaapland	42.6 BESLUIT: Die Sinode dra dit aan die SK op om deurlopend toe te sien dat gepaste ad hoc strategiese netwerke binne die Begeleidingsnetwerk funksioneer met die oog op die verwesenliking van die NG Kerk in Oos-Kaapland se roeping.	A2 42	
Ondersoek: Bedieningsnood in die Ringe van Dordrecht en Burgersdorp	BESLUIT: Kennis geneem, met dank teenoor die Here	A2 44	
Skoolverlaterskampe	46.4 BESLUIT: Die Sinode versoek een van die ringe om as ringsprojek verantwoordelikheid vir die jaarlikse skoolverlaterskamp(e) te neem.	A2 46	
Herformulering Reglement 8 pt 8	4.1.2 BESLUIT: Goedgekeur dat Reglement 8 pt 8.1.6 as volg lees: "Trustfondse mag nie as deel van die Sinodale Bystandfonds aangewend word nie. 'n Trustfonds is 'n fonds wat in terme van die bepalinge van 'n geregistreerde trustakte of testamentêre bemaking bestuur moet word."	A3 04.1	83
Reglement Direkteur Begeleiding	4.2.2 BESLUIT 4.2.2.1 Die Reglement vir die Direkteur Begeleiding word goedgekeur.	A3 04.2	83

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

	4.2.2.2 Die Reglement word opgeneem in die Kerkordeboek van die NG Kerk in Oos-Kaapland.		
Aktes van Bevestiging	5.2 BESLUIT 5.2.1 Die Sinode neem met gelukwense kennis van die leraars wat in die sinodale gebied georden is sedert die vorige sitting van die Sinode. 5.2.2 Name van leraars (indien enige) wat georden is na 1 September 2007 tot met die sitting van die Sinode word tydens die vergadering van die Sinode by die lys gevoeg.	A3 05	
Kontrakposte - Studiestuk	BESLUIT: Kennis geneem van die studiestuk.	A3 06	
Kerklike Tribunale	7.2 BESLUIT 7.2.1 Die Sinode gee geleentheid vir 'n beperkte bespreking van die saak. 7.2.2 Die Sinode verwys die versoek van die Algemene Sinode na die Sinodale Regskommissie. Enige persoon wat 'n bydrae oor die saak wil maak, moet die aktuaris kontak voor einde Julie 2008.	A3 07	
Die Gebruik van die Kerkorde - Studiestuk	8.6 BESLUIT Die Sinode gee geleentheid om in gesprekke om die tafels uit te spel wat vir die gespreksgenote die belangrikste inhoud van 'n ideale Kerkorde sal wees.	A3 08	
Uitgee van die Kerkordeboek	9.1 BESLUIT: 9.1.1 Die Sinode besluit dat die Kerkorde, Aanvullende Bepalinge en Reglemente vir gebruik in Oos-Kaapland so gou moontlik beskikbaar gestel word vir gebruik in die kerk. 9.1.2 Goedgekeur dat die Kerkordeboek gedruk en in boekformaat uitgegee word, asook in PDF-formaat op die Sinode se webblad gepubliseer word.	A3 09	
Doel	BESLUIT: Kennis geneem	A4 01	
Wat is Geloofsonderskeiding?	2.8 BESLUIT: Die Sinode neem kennis en implementeer die soeke na God se wil in al haar debatte.	A4 02	
Gereformeerde Identiteit	3.3 BESLUIT: Die Sinode stuur hierdie opsomming na kerkrade vir gesprekke op gemeentevlak, maar spesifiek ook met die jeug, oor die Gereformeerde identiteit van die plaaslike bediening.	A4 03	Amdt 1
Praktiese Gemeentelike Ekklesiologie	4.13 BESLUIT: Die Sinode bring hierdie verslag as gespreksdokument onder die aandag van kerkrade en ringe.	A4 04	
Die Kerkorde in die lig van die Praktiese Teologiese Ekklesiologie	5.2 BESLUIT: Kennis geneem	A4 05	
Wysiging Kerkorde Artikel 3	6.3 BESLUIT: Kennis geneem	A4 06	
Bediening aan Kerkloslidmate en Evangelisasie	BESLUIT: Kennis geneem	A4 07	
Nuwe Gemeente- Ontwikkeling	8.11 BESLUIT: 8.11.1 Die sinode versoek kerkrade en ringe om ernstig oor die implikasies van Nuwe Gemeente- Ontwikkeling (NGO) binne hulle eie konteks te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg. 8.11.2 Die sinode dra dit aan die SK op om toe te sien dat relevante uitdagings in die sinodale gebied sinvol aangespreek word. 8.11.3 Kennis word geneem dat die Algemene Sinode ATR opdrag gegee het om, in samewerking met ADGO, die moontlikheid te ondersoek dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied (Besluiteregister AS 2007 pt	A4 08	

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

	11.11).		
Verdere Omskrywing van Missionêr-Diakonale Gemeentes	9.7 BESLUIT: Die sinode stuur hierdie verslag as gespreksdokument aan kerkrade.	A4 09	
MIV-Vigstrategie vir die NG Kerk	10.3 BESLUIT: 10.3.1 Die sinode bring die Verklaring en Beleidsbesluite re MIV-Vigs onder kerkrade se aandag. 10.3.2 Die sinode moedig gemeentes en ringe aan om eie MIV-Vigsstrategieë te ontwikkel en in die proses gebruik te maak van die Christen Vigsburo se uitstekende bronne (vergelyk www.cabsa.co.za)	A4 10	
Geweld teen Vroue en Kinders	11.3 BESLUIT: 11.3.1 Die Sinode versoek kerkrade om die beskikbare hulpbronne vir die slagoffers van geweld in die gemeenskap prominent bekend te stel, bv kontakpersone en adresse / telefoonnummers van noodlyne, CM-Rade, ander welsynsorganisasies, die SAPD e.s.m. 11.3.2 Ringe word versoek om die moontlikheid van ringsprojekte met die oog op die voorkoming van geweld teen vroue en kinders en hul beveiliging te ondersoek, en waar nodig te implementeer. Vir hierdie doel moet die samewerking van skole en diensorganisasies in die gemeenskap verkry word.	A4 11	
Sondag vir Barmhartigheid	12.2 BESLUIT: 12.2.1 Die Sinode moedig gemeentes aan om betrokke te raak by die Projek: Sondag vir Barmhartigheid. 12.2.2 Die Sinode besluit dat enige fondse wat in die Oos-Kaap gegeneer word ten bate van Oos-Kaapse barmhartigheidsprojekte aangewend sal word.	A4 12	
Misdaad en Geweld	13.2 BESLUIT: 13.2.1 Die Sinode bring die Algemene Sinode se besluit onder die aandag van kerkrade. 13.2.2 Die Sinode verseker die owerheid, en die SAPD in besonder, van ons voorbidding.	A4 13	
Grondhervorming	AMENDEMENT 2 Die Sinode bring die besluite van die Algemene Sinode oor grondhervorming onder die aandag van kerkrade, die formele landbousektor en die regering in die Oos-Kaap. Die Sinode verseker die boerderygemeenskap en die Oos-Kaapse regering van sy voortgesette voorbidding, en roep gemeentes op om deurlopend en publiek voorbidding vir die hele boerderygemeenskap en regering te doen.	A4 14	Amdt 2
Grondhervorming	VOORSTEL 3 Die Oos-Kaap Sinode moedig graag alle gemeentedele wat op een of ander wyse by plaaslike grondhervorming betrokke is, tot praktiese skakeling en onderlinge hulp aan, asook om kennis te neem van mekaar se situasie en om mekaar tegemoet te kom. Goedgekeur	A4 14	Voorstel 3
Grondhervorming	AMENDEMENT 2 Die Sinode bring die besluite van die Algemene Sinode oor grondhervorming onder die aandag van kerkrade, die formele landbousektor en die regering in die Oos-Kaap. Die Sinode verseker die boerderygemeenskap en die Oos-Kaapse regering van sy voortgesette voorbidding, en roep gemeentes op om deurlopend en publiek voorbidding vir die hele boerderygemeenskap en regering te doen. Goedgekeur	A4 14	Amdt 2
Homoseksualiteit	BESLUIT: Kennis geneem	A4 15	
Verhouding Kerk-Staat	16.3 BESLUIT: Die Sinode dra dit aan die SK op om - gegewe die geleentheid wat die grondwetlike bestel bied - voortdurend metodes te soek om invloed in die publieke sfeer uit te oefen en die koninkryk van God en sy geregtigheid	A4 16	

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

	te bevorder.		
Die Oos-Kaapse Verhaal re die Verlies en Herstel van die Kerkverband in die Familie van NG Kerke	18.18 BESLUIT: Die Sinode bring hierdie verslag onder die aandag van kerkrade.	A4 18	
Terugvoer na AS re Kerkhereniging	<p>7. BESLUIT:</p> <p>7.1 Die sinode besluit om die insette van die gemeentes (E4 soos aangevul) asook die insette van die tafelgesprekke (soos saamgestel deur die Luisterspan, pt 2 hierbo) as kommentaar aan die kantoor van die Algemene Sinode deur te gee.</p> <p>7.2 Die Sinode besluit:</p> <p>7.2.1 Om 'n hegte en durende eenheid tussen die lede van die Familie van NG Kerke (en selfs ander kerke wat hulself binne so 'n eenheid tuis kan voel) te verseker deur die klem te plaas op die samewerkingsaksies wat reeds op plaaslike gemeentevlak aan die ontkiem of groei is, en gee daarom opdrag aan sy Sinodale Kommissie om gemeentes op 'n ontdekkingstog van samewerking met die ander kerke te begelei;</p> <p>7.2.2 Om in die reses aandag te gee aan die onvrede, misverstande, onsekerhede en wantroue wat daar by sommige lidmate en gemeentes bestaan, en gee so opdrag aan sy Sinodale Kommissie;</p> <p>7.2.3 Om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die Bybelse eis vir kerkeenheid, asook oor alle ander motivering vir strukturele kerkhereniging, en dit op 'n deurlopende basis na die gemeentes te kommunikeer.</p> <p>7.3 Die Sinode besluit om deur middel van sy navorsingsnetwerk studie te doen oor die gesag en moontlike ontwikkeling van parallelle verbandstrukture wat dit onder andere moontlik maak om bestaande strukture in stand te hou vir solank die behoefte daarvoor bestaan.</p> <p>7.4 Die Sinode versoek die Sinodale Kommissie om mee te werk aan die vestiging van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode volgens die waardes en uitgangspunte van die bestaande Oos-Kaapse model (Die Sinode kompeteer nie bedieningsmatig of finansieel met die gemeentes nie, en die grense van 'n Oos-Kaapse herenigde sinode kan bv die oostelike dele van die Suid-Kaap insluit.) Uiteraard sal die twee-derde meerderheidsbeginsel ook hier van toepassing wees. (Verwys Sakelys pt 36.3 en pt 4 36.4 p 23).</p> <p>7.5 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om saam met die ander kerke van die NG Kerk Familie so spoedig moontlik 'n gesamentlike kerkorde op te stel vir die voorgestelde Herenigde Algemene Sinode. Hierdie kerkorde moet aan gemeentes voorgelê word vir verdere kommentaar. Die doel hiermee is om die gesprek te bespoedig. (Die oorspronklike aanbeveling van die Ad Hoc kommissie is deur Amendemente 3 tot 7 gewysig. Die wysigings word hier gereflekteer.)</p>	A4 19	
Artikel 9	2.1.4 BESLUIT: Kerkrade se aandag word op die gewysigde Artikel 9 gevestig.	A5 02	
Artikel 11	3.4 BESLUIT: Die gewysigde Artikel 11 word onder kerkrade se aandag gebring.	A5 03	
A-Z Handleiding vir Predikante	<p>4.2.2 BESLUIT:</p> <p>4.2.2.1 Die Sinode voer gesprek in kleingroepe oor die betekenis van die A-Z Handleiding vir die behoud van bedieningsvaardigheid vir predikante in die Oos-Kaap.</p> <p>4.2.2.2 Die Sinode versoek die SK om deurlopend aandag te gee aan sinvolle voortgesette bedienings-ontwikkeling in die NG Kerk in Oos-Kaapland.</p> <p>4.2.2.3 Die Sinode bring die vereistes van die A-Z Handleiding rondom Voortgesette Bedieningsvaardigheid onder kerkrade se aandag en versoek hul heelhartige samewerking.</p>	A5 04	
Kerklike Tribunale	BESLUIT: Kennis geneem	A5 05	

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

Sinodale Werkswinkels	6.4 BESLUIT: Die Sinode versoek kerkrade om hul leraars na die jaarlikse sinodale werkswinkels te stuur, die toepaslike koste te dra, spesiale verlop daarvoor toe te ken en terugvoer oor die werkswinkels te ontvang.	A5 06	
Klein gemeentes	9.5 BESLUIT: 9.5.1 Die Sinode bring die saak van klein gemeentes onder kerkrade se aandag en vra die samewerking van alle kerkrade ten opsigte van ondersoek en navorsing wat gedoen mag word. 9.5.2 Die Sinode neem kennis dat die Direkteur Begeleiding via GDN betrokke is by die ondersoek na klein gemeentes. 9.5.3 Die Sinode roep alle gemeentes op tot voorbidding vir die posisie en eiesoortige behoeftes van klein gemeentes. Die sinode is oortuig dat gemeentes nie moet fokus op oorlewing nie, maar hulself moet oopstel om te vra hoe God deur hulle na die gemeenskap wil uitreik om Sy genesing en herstel te bring.	A5 09	
Aantreklike Bedieningstipe van Ander Kerke	10.5 AANBEVELING Die Sinode bring die verslag onder kerkrade se aandag met die aanbeveling dat gemeentes hul bedieningstipe waar nodig aanpas, sodat lidmate daadwerklike medeverantwoordelikheid kan neem om God en die medemens in nood van harte te dien.	A5 10	
Lidmaatbemaagtiging	11.5 BESLUIT: 11.5.1 Die Sinode voer gesprek oor die kritieke belang van lidmaatbemaagtiging. 11.5.2 Die Sinode bring die verslag onder die aandag van kerkrade en versoek gemeentes om indringend aandag te gee aan die bemaagtiging van lidmate tot bediening.	A5 11	
Ringe en die Versorging van Predikante	12.4 BESLUIT: Die Sinode moedig Ringe aan om strategieë vir die bou van ondersteunende vertrouensverhoudinge tussen leraars te ontwikkel en as ringsprojekte te implementeer.	A5 12	
Ringsprojekte	13.6 BESLUIT: Die Sinode voer gesprek oor die hoor van God se stem in die proses van identifisering van ringsprojekte.	A5 13	
Die Ring as Teologiese Skool	14.3 BESLUIT: Die Sinode spreek dank uit teenoor leraars wat van hul tyd afstaan om toegerus te word vir die bemaagtiging van lidmate.	A5 14	
Begeleidingsprojekte	15.2 BESLUIT: Die Sinode besin oor sake vir begeleiding en verwys dit na die Sinodale Kommissie vir die bepaling van prioriteite en afhandeling via die Begeleidingsnetwerk.	A5 15	
Geloofsoordrag na die Volgende Geslag	4.6 BESLUIT: Die Sinode versoek B-Net om as 'n saak van dringendheid gemeentes te begelei in die ondersoek na geloofsoordrag aan die volgende geslag.	A6 04	
Onderlinge hulpverlening in die Kerkverband	1.2.9 BESLUIT: 1.2.9.1 Die vergadering neem kennis van gemeentes en ringe se kommentaar op onderlinge hulpverlening in die kerkverband. 1.2.9.2 Die beginsel van gemeentes wat 0.3% van hul inkomste vir die kerkverband bydra word ondervang in die aanbevelings aan die einde van hierdie verslag. 1.3.5 BESLUIT: Die vergadering neem kennis dat daar tans nie 'n realistiese/regverdige verdeling tussen die betaling van sinodale dankoffers, enersyds en gemeentes se aantal belydende lidmate en bruto inkomste, andersyds in die NG Kerk van Oos-Kaapland is nie. 1.6.5 BESLUIT: 1.6.5.1 Die Botes-formule word afgeskaf as metode vir die berekening van sinodale dankoffers. 1.6.5.2 Sinodale dankoffers word voortaan jaarliks van alle gemeentes gevorder teen 'n persentasie van hulle jaarlikse	A7 01	TFK F1 pt 1.2 Amdt pt 1.6.5.5

I : Verkorte Besluiteregister Sinode 2007

	<p>bruto (totale) inkomste, minus hulle jaarlikse verlies indien van toepassing, van die voorafgaande finansiële jaar soos per hulle geouditeerde state.</p> <p>1.6.5.3 Hierdie dankoffers word soos volg aangewend:</p> <p>1.6.5.3.1 36% vir die befondsing van projekte in breër kerkverband; en</p> <p>1.6.5.3.2 64% vir die befondsing van ringsprojekte.</p> <p>1.6.5.4 Die Sinodale Kerkkantoor bereken die sinodale dankoffers en adviseer gemeentes sodra elkeen se geouditeerde state vir die vorige jaar ontvang is (kerkrade kan hierdie berekening byvoorbaat maak en kontroleer).</p> <p>1.6.5.5 Die sinode in sitting bepaal die persentasie waarteen die dankoffers bereken word op aanbeveling van die ringe en die Sinodale Kommissie. Vir die volgende termyn (vier jaar) word hierdie persentasie op 1,2% gestel.</p> <p>1.6.5.6 Ringe monitor die mate waartoe gemeentes van jaar tot jaar sinodale dankoffers betaal en hoe gemeentes mekaar onderling sou kon help om sodanige betaling by te bring.</p> <p>1.6.5.7 Indien 'n gemeente nie die volle sinodale dankoffer kan betaal nie, word dit vroegtydig (jaarliks voor of op 31 Augustus) met die betrokke ringskommissie onderhandel met advies aan die sinodale kerkkantoor. Dit val saam met ringe se monitering van hulpbehoewende gemeentes en hulle aansoeke om hulp (aan die hand van die Reglement van die Sinodale Hulpfonds) uit ringsprojekte en die sogenaamde "R10-fonds".</p>		
Afvaardiging van Geestelike Werkers na Ringsvergaderings	<p>BESLUIT:</p> <p>Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie, maar verwys na die Algemene Sinode</p>	C2	F2 SRK
Wysig Reglement 4	<p>BESLUIT: Goedgekeur dat die woorde "per tjek" in Reglement 4 van die Kerkorde verwyder word. (Sien ook F2)</p>	C3	